

'n Verkenning van taalvariasie in die Afrikaanse poniekoerante *Son* en *Sondag*

Elvis Saal

Elvis Saal, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap,
Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

In ondersoek na taalvariasie in Afrikaans is daar nog weinig aandag gegee aan die skriftelike voorstelling van die vernakulêr in die gedrukte media, dit wil sê hoe die vernakulêr in die gedrukte media "opgevoer" word vir die teikengehoor (vgl. Blignaut en Lesch 2014). In hierdie studie is 'n vergelykende ondersoek onderneem na die omgangsvorme wat voorkom in die Afrikaanse poniekoerante *Son* en *Sondag*, wat onderskeidelik gerig is op 'n oorwegend bruin en wit werkersklasspreker van Afrikaans. Poniekoeranttaal kan gesien word as 'n tipiese voorbeeld van, wat Bell (2010:32–58) noem, gehoorontwerp ("audience design"), dit wil sê die vernakulêre style in poniekoerante is primêr geskep in reaksie op én vir die teikengehoor. Die twee koerante maak daarop aanspraak dat hulle oorwegend verskillende teikenlesers bedien, en juis daarom het hierdie studie as eerste doelwit om te bepaal of daar beduidende verskille waargeneem kan word in die vernakulêre style van *Son* en *Sondag*. Hiervoor is 'n stilistiese ontleding van geselekteerde nuusberigte in *Son* en *Sondag* onderneem. In die tweede plek het die studie ook ten doel om, na aanleiding van Labov (1970:21) se beskouing van stylvariasie in terme van die aandag wat die spreker aan sy of haar taalgebruik in verskillende gebruikskontekste gee, te bepaal watter invloed die nuusonderwerp op stylvariasie het. Wat die eerste doelwit betref, het die studie bevind dat daar min te kies is tussen die vernakulêre style soos aangewend in *Son* en *Sondag*, juis vanweë die beperkte voorkoms van groepspeesifieke merkers. Die vernakulêre style in die twee koerante kan beskryf word as 'n wydverbreide vernakulêre Afrikaans. Wat die tweede doelwit betref, is bevind dat stylvariasie selde die gevolg is van die aard van die nuusonderwerp, maar eerder beïnvloed word deur *wie* die berig skryf.

Trefwoorde: formeel; gehoorontwerp ("audience design"); informeel; Kaapse Vernakulêre Afrikaans; kodewisseling; poniekoerante; register; *Son*; *Sondag*; sosiale dialekte; spreektaal; styl; vernakulêre style

Abstract

Exploring language variation in the Afrikaans tabloids *Son* and *Sondag*

This article examines the vernacular styles used in the Afrikaans tabloids *Son* and *Sondag*. Studies focusing on language variation in Afrikaans have not paid much attention to the written representation of the vernacular in the print media (cf. Blignaut and Lesch 2014:20). Furthermore, no comparative corpus linguistic study has been conducted to investigate the colloquial forms employed in these two tabloids, which, according to the editors, are modelled on the vernaculars of the coloured and white working-class speaker of Afrikaans respectively. The colloquial language employed in *Son* is claimed to be based on Cape Vernacular Afrikaans.

This article has a two-fold purpose. The first is to determine which colloquial features could be identified in the selected news reports of the two tabloids, as well as the occurrence frequency of these features in an attempt to determine whether group-specific markers could be identified for the coloured and white working-class speaker of Afrikaans. The second purpose is to determine whether the nature of the news theme has any influence on the use of the vernacular style.

Central to this study is the concept of *style*. Style is viewed here as a multidimensional construct. Firstly, the vernacular styles employed in the tabloids could be viewed what "Bell has called [...] an exercise in audience design" (Conboy 2006:14). According to Bell's (2010:32–58) audience-design framework, speakers design their style primarily *for* and *in* response to the target audience. As such, style can be regarded as audience accommodation. Writers of tabloids do not attempt to integrate all the features of the relevant social dialect of the target reader, but in their stylisation focus on those distinctive features that the reader could easily recognise and identify with. The vernacular styles in tabloids could thus be seen as performed styles (cf. Coupland 2007:146). These performed informal vernacular styles in the tabloids are modelled on the vernacular of the lower socio-economic classes, which implies that certain linguistic variables could function as markers for both style and social class. This notion of style as audience design provides the necessary framework for the analysis of the stylised vernaculars in the two tabloids. Secondly, it is not only the audience that could influence the choice of a suitable style, but also the degree of formality. Labov (1970:19–22) viewed style variation in terms of attention paid to speech: the more formal the situation, the more attention is paid to speech. The degree of formality could be influenced by, among others, the nature of the topic. This means that news topics that are viewed as formal in nature will tend to employ the standard register more frequently.

The stylistic analysis conducted here focused only on one text type, namely news reports. The news reports that appeared in the *Sondag* issues from 28 July 2013 to 25 August 2013 and the Tuesday issues of *Son* from 4 November 2014 to 2 December 2014 were selected for analysis. Two analyses were conducted: firstly, the linguistic features of the stylised vernacular are determined, and secondly, the influence of the news theme on style shifting is examined.

The colloquial features adopted in the news registers of *Son* and *Sondag* are limited to lexical variation and include the following:

(i) **Code-switching to English**, which includes single-word switches (e.g. "Die cops is gebel"), multiple word switches ("trailer trash sexy looks") and morphologically embedded switches (e.g. "lugdiens-site", "gehijack", "gerape"). Single-word switches are by far the most frequently used in both tabloids. It was evident that the switches typically displayed the tabloid agenda: The switches in *Sondag* (e.g. "show", "fans", "band", "fake boobs") highlight the lifestyle of the Afrikaans celebrities and prominent persons, while in *Son* the focus on crime in the news stories is accentuated (e.g. "bail", "gangsters", "rapist"). Code-switching to English is portrayed in the news reports as a typical feature of the speech of both the coloured and white working-class speaker. Individual switches in *Son* occur twice as frequently as in *Sondag*, but when compared with everyday vernacular Afrikaans the switches in both tabloids still reflect a very low frequency. This under-representation of code-switched items in both tabloids could be seen as an intentional effort on the part of the writer not to alienate the target reader with a high density of code-switching which may be perceived by the reader as patronising, artificial or excessive (cf. Giles and Smith 1979:54). Code-switching is used in both tabloids selectively to create the perception that the tabloid is speaking the language of the reader.

(ii) **Direct (literal) translations from English**, which include Afrikaansified English words (e.g. "antie", "paartie", "tjommie", "pel"), existing Afrikaans lexemes with English meanings (e.g. "opgebreek" meaning "to break up a relationship") and grammatical interference (e.g. "Meeste van die dames ..." (x Die meeste)). *Sondag* uses twice as many direct translations from English compared with *Son*. There is a greater tendency in *Sondag* to present English lexemes in an Afrikaans guise, which could be seen as an effective strategy by the writers of *Sondag* to make the English conceptual world their own (cf. Ponelis 1998:40).

(iii) **Colloquial expressions**, which include direct borrowing from English (e.g. "forbidden fruit"), hybrid expressions (e.g. "hy bat vir die ander span"), directly translated expressions from English (e.g. "leerling het brood in die oond"), "own" colloquial Afrikaans expressions (e.g. "sterk gevriet getrek") and variations on existing Standard Afrikaans expressions (e.g. "nog pienk agter die ore"). Colloquial expressions are used more frequently in *Sondag* than in *Son*, and provide a colourful and vivid presentation of the news story. The frequent occurrence of "own" colloquial expressions in both tabloids, amidst the dominance of English, signals the vitality of colloquial Afrikaans.

(iv) **Clippings** (e.g. "porn", "doom") and (v) **taboo words** (e.g. "gatgabba", "moerse"), which occur more frequently in *Sondag* than in *Son*.

(vi) **Nicknames** (e.g. "Steve Losgulp Hofmeyr") and (vii) **interjections** ("watwou!"), which occur only in *Sondag*.

(viii) **Afrikaans-specific colloquial items**, which include commonly used colloquial items which are widely diffused in the Afrikaans speech community (e.g. "tjoekie", "hol", "daai", "jol") and less commonly used colloquial items which are limited to certain social groups or regions (e.g. "stukkie", "mang", "jongens"). *Sondag* uses twice as many commonly used colloquial items and also reflects a greater lexical variety compared with *Son*. For the less commonly used colloquial items there is, surprisingly, not much difference in terms of frequency between *Son* and *Sondag*. A limited number of distinctive group-specific markers were identified in *Son* (e.g. "mang", "tikkop", "gevriet getrek", "sy kop haak uit", "five bob").

The stylistic analysis revealed that there is not much difference between the two stylised vernaculars employed in *Son* and *Sondag*. The variation in the two tabloids is by far lexical variation, with very limited grammatical variation. The similarity between the vernacular styles in *Son* and *Sondag* (which, as mentioned, are said to be targeting different working-class speakers of Afrikaans) could be the result of an under-representation in *Son* of the typical lexical and grammatical features that characterise Cape Vernacular Afrikaans. The vernacular style adopted in the news register of *Son*, which the editorial staff claims to be based on Cape Vernacular Afrikaans, does not include any of the grammatical features that are viewed typical of Cape Vernacular Afrikaans, e.g. vowel raising (e.g. in "wietie"), affrication (e.g. in "djy"), post-vocalic r-deletion (e.g. in "wee"), and the redundant use of the adjectival degree morpheme *-er* (e.g. in "bietere"). The lexical variation in *Son* also does not sufficiently reflect the rich source of dialectal items and expressions that are characteristic of Cape Vernacular Afrikaans. This seemingly intentional undershoot of the typical dialectal features of Cape Vernacular Afrikaans in *Son* results in the vernacular styles adopted in *Son* and *Sondag* displaying more similar colloquial features. The difference between the vernacular styles is reflected in the frequency rate of the vernacular forms: *Sondag* uses nearly twice as many vernacular forms (with the exception of code-switched items) as *Son*. It was evident from the stylistic analysis that *Sondag* displays a greater variation of colloquial forms than *Son* in their news reports, while *Son* focuses in their stylisation mostly on code-switching to English and Afrikaans-specific colloquial items. The vernacular styles performed in *Son* and *Sondag* could be described as a widespread colloquial Afrikaans with limited group-specific markers.

In the second analysis the influence of the news theme on style-shifting was examined by way of comparing the following two groups of news reports with each other: news reports with a frequency of less than one colloquial form per 100 words and news reports with a frequency of more than one colloquial form per 100 words. The first group of news reports is regarded as reflecting a more standard register, while the second group is viewed as displaying a more vernacular style. The study found that the news theme seldom influenced style variation. The use of a formal standard register seemed to depend on *who* the writer of the news report was rather than the nature of the news theme.

A considerable number of the target readers of *Son* and *Sondag* viewed the stylised vernaculars favourably, which underscores the value of adopting spoken varieties of Afrikaans as written codes for certain genres. The written representation of spoken varieties could enhance the legitimacy of these varieties in more formal domains. Further comparative studies into the vernacular styles adopted by the different registers in the tabloids could provide valuable insights into how spoken varieties of Afrikaans are stylised in various written domains.

Keywords: audience design; Cape Vernacular Afrikaans; code-switching; formal; informal; register; social dialects; *Son*; *Sondag*; spoken varieties; style; tabloids; vernacular styles

1. Inleiding

Die Afrikaanse medialandskap in Suid-Afrika het in 2003 onherroeplik verander met die verskyning van die *Kaapse Son* as die eerste weeklikse poniekoerant in Afrikaans. Dié koerant, wat later herdoop is tot *Son*, word sedert 2005 as 'n dagblad uitgegee in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap. *Son* word gekenmerk deur 'n sensasionele berigstyl en 'n tipe Omgangsafrikaans (oftewel vernakulêre Afrikaans) wat, volgens die redaksie van *Son*, gebaseer is op Kaapse Vernakulêre Afrikaans (vgl. Botha 2009:33; Van der Rheede 2012:117–20). Volgens die eerste redakteur van *Son*, Ingo Capraro, is die taalgebruik in *Son* "Kaapse Afrikaans soos ons mense hom praat" (Capraro 2005:1). Meer onlangs het Eldridge Jason dit onomwonde gestel tydens 'n Johan Combrink-lesing dat "*Son* niks anders (is) as 'n weerspieëling van die kleurvolle manier van hoe Afrikaans in veral ons bruin gemeenskappe gepraat word nie" (Jason 2015). *Son* is hoofsaaklik gerig op die bruin gemeenskappe in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap, en spesifiek die laer- en middelinkomstegroep (LSM 3–7)¹ (vgl. Blignaut 2014:7). Die koerant het ongekende sukses behaal in die Wes-Kaap, en het reeds drie jaar ná sy bestaan die sirkulasiesyfers van sy susterkoerant in die Kaap, *Die Burger*, verbygesteek (Smith, Fourie en Froneman 2012:226). Dit is juis hierdie suksesse van *Son* wat moontlik die weg gebaan het vir die tweede eksklusief Afrikaanse poniekoerant, die Sondagblad *Sondag*, wat in 2007 verskyn het, ook vanuit die Media24-stal.²

Sondag was, in teenstelling met *Son*, die eerste Afrikaanse poniekoerant wat 'n nasionale verspreiding gehad het, deurdat dit in Gauteng, die Vrystaat, KwaZulu-Natal en die noordelike provinsies uitgegee is. In teenstelling met *Son*, wat 'n plaaslike fokus handhaaf in hul stories en op die bruin gemeenskap fokus, was *Sondag* 'n tipe supermark-poniekoerant (oftewel "celebrity tabloid") deurdat dit primêr gefokus het op die skandes en skandale van veral Afrikaanse glanspersoonlikhede en prominente persone (vgl. Smith e.a. 2012:238). In *Sondag* se kort bestaan van ses jaar het dit vier redakteurs gehad. Onder die redakteurskap van Capraro en later Peet Bothma (onderskeidelik die derde en laaste redakteur) het *Sondag* primêr die wit werkersklas geteiken, die "working-class boertjies, who are gatvol; the mechanic, plumber and mineworker" (Gordon 2009, aangehaal in Smith e.a. 2012:239). Dit is hierdie *Sondag*-koerant onder die redakteurskap van Peet Bothma wat die fokus van hierdie studie uitmaak. *Sondag* moes ongelukkig sy deure op 23 Oktober 2013 sluit weens 'n tekort aan advertensie-inkomste, maar die koerant verskaf waardevolle sosiolinguistiese data van 'n veronderstelde omgangsvariëteit wat op 'n oorwegend wit werkersklas afgestem is.

Weinig ondersoek is nog gedoen na die vernakulêre Afrikaans wat in Afrikaanse poniekoerante voorkom. Sover vasgestel kon word, is die vernakulêre styl wat in Afrikaanse poniekoerante ingespan word, nog net in een studie ondersoek, naamlik dié van Blignaut (2014), waar sy die taalgebruik in *Son* ondersoek het as deel van haar MA-studie (vgl. ook die artikel van Blignaut en Lesch (2014) wat hierop gevolg het). Daar is egter nog geen vergelykende studie onderneem na die omgangstaalvorme in die poniekoerante *Son* en *Sondag*, wat, soos die redakteurs aanvoer, gemodelleer is op die vernakulêr van onderskeidelik die bruin en wit werkersklasspreker van Afrikaans, nie. (Die term *vernakulêr* verwys hier na die ontspanne spreektaal wat geassosieer word met hoogs informele kontekste, en word hier as wisselterm gebruik vir *omgangstaal*.)

In hierdie ondersoek val die fokus slegs op een tekstipe in die poniekoerante, naamlik die nuusberig – dit wil sê daardie soort berig wat as "nuus" geklassifiseer word. Die ander soorte berigte, onder andere sport-, vermaak- en motorberigte, asook die lesersbriewe, het nie deel

uitgemaak van die stilistiese ontleding nie. Nuusberigte is geselekteer omdat dit die tipiese poniekoerantagenda reflekteer, naamlik die sensasionele beriggewing oor temas soos seks, geweld, skandes, die voorkeur vir ongewone/vreemde stories en mensbetrokkenheidstories wat tot die teikenlesers spreek (vgl. Conboy 2006:12). Poniekoerante is bekend daarvoor dat hulle oorwegend 'n tipe omgangstyl invoer in hulle berigte, en in hierdie studie word gepoog om te bepaal watter omgangstaalkenmerke in die nuusberigte van die twee Afrikaanse poniekoerante *Son* en *Sondag* onderskei kan word, asook wat die voorkomswaarskyn van die bepaalde omgangsvorme is. Voorts word daar ook gepoog om vas te stel of daar onderskeidende omgangsvorme geïdentifiseer kan word wat as tiperend van die bruin en wit werkersklasspreker beskou kan word. Die vernakulêre styl in poniekoerante word soms afgewissel met 'n standaardregister, en in dié verband word die invloed wat die nuusonderwerp op die vernakulêre styl kan hê, ook ondersoek.

Die bespreking van die (veronderstelde) vernakulêre style in die twee koerante is soos volg gestruktureer: Eers word die verwante konsepte *styl*, *register* en *sosiale dialekte/variëteite* bespreek. Hierna word die omgangstaalkenmerke wat in die twee koerante voorkom, vergelykend ontleed, gevolg deur 'n bespreking van potensiële groepspeesifieke merkers. Daarna volg 'n bespreking van die potensiële invloed van die nuusonderwerp op stylaangepassings. Laastens word die hoofbevindinge van die studie saamgevat, en word daar gewys op die potensiële waarde van 'n vergelykende korpuslinguistiese benadering vir sosiolinguistiese studies van hierdie aard.

2. Sosiale dialekte, styl en register

Poniekoerante is bekend daarvoor dat hulle poog om die vernakulêr van die werkersklas in hul beriggewing weer te gee (vgl. Conboy 2006:11, 13). Die redakteurs van *Son* en *Sondag* beweer dat die taalgebruik in die twee koerante gebaseer is op die omgangstaal van die werkersklas (vgl. Jason 2015; Gordon 2009, aangehaal in Smith e.a. 2012:239). As sodanig kan die omgangstaal in *Son* en *Sondag* gesien word as 'n tipiese voorbeeld van, wat Bell (2010:32–58) noem, gehoorontwerp ("audience design"). Volgens Bell (2010:32–58) se gehoorontwerpraamwerk ("audience design framework") ontwerp sprekers hul styl primêr vir, én in reaksie op, die gehoor. 'n Spreker kan dus sy styl aanpas "to be more like that of the person she is speaking to" (Bell 2010:34). Bell sien dus *styl* in terme van gehoorakkommodasie (Rickford en McNair-Knox 1994:235). Onder *styl* word verstaan 'n variëteit wat geassosieer word met bepaalde gebruikssituasies (Webb 1989:429). Volgens Holmes (1992:246–7) bepaal die sosiale verhouding tussen die deelnemers die gepaste styl wat ingespan gaan word: vernakulêre vorme sal meer geredelik gebruik word waar daar 'n meer intieme of ontspanne verhouding tussen die spreker en ontvanger bestaan, terwyl standaardvorme ingespan sal word waar die spreker nie juis met die ontvanger bekend is nie. Die gebruik van 'n vernakulêre styl in poniekoerante wat doelbewus afgestem is op die werkersklasspreker kan, na aanleiding van Howard Giles se kommunikasie-akkommodasieteorie (Communication Accommodation Theory) (vgl. Gallois, Ogay en Giles 2005), beskou word as 'n doelbewuste poging van die koerant om die sosiale afstand tussen die koerant en die leser te verklein, om sodoende groter solidariteit en sosiale aanvaarding te bewerkstellig. Poniekoerante poog om deur hul stilering ("stylisation") 'n taal van intimiteit en bekendheid te skep om die vertrouensverhouding tussen die koerant en die leser te

aksentueer en te versterk, en om die leser te laat glo dat die koerant aan die kant van die leser is (Conboy 2006:23–4).

Stylaanpassings in die gedrukte media wat afgestem word op die ontvanger, word gerig deur 'n abstrakte lesergehoor, dit wil sê by wyse van 'n niefisiese teenwoordigheid (Coupland 2007:77). Die kern van stylaanpassings in poniekoerante is die konsep *stilering* ("stylisation"). Bell en Gibson (2011:560) beskryf stilering as "the mannered adoption of another's voice". Die koerantskrywer poog nie om al die kenmerke van die sosiale dialek weer te gee nie, maar selekteer sekere kenmerke van die sosiale dialek wat, volgens die skrywer, onderskeidend en duidelik herkenbaar sal wees vir die leser, en waarmee die leser redelik maklik sal kan identifiseer (vgl. Coupland 2007:150; Bell en Gibson 2011:568). Koerantskrywers ontwerp hul styl met 'n metalinguistiese bewustheid van die alternatiewe moontlikhede en die waarskynlike gevolge van hierdie linguistiese keuses (Coupland 2007:146). Hierdie style in poniekoerante kan dus gesien word as "opgevoerde style" ("performance") (vgl. Coupland 2007:146). Bell en Gibson (2011:568) wys daarop dat skrywers ook doelbewus 'n oor- of onderaanbod van sekere kenmerke van die sosiale dialek kan "opvoer" wat sosiaal betekenisvol kan wees.

Die invloed van die ontvanger op die keuse van 'n gepaste styl (soos hier bo bespreek) is egter nie die enigste relevante faktor wat stylvariasie kan beïnvloed nie. Labov (1970:19–22) sien stylvariasie in terme van die aandag wat die spreker in verskillende gebruikskontekste aan sy of haar taalgebruik gee. Vir Labov (1970:19–21) word die keuse van 'n gepaste styl beïnvloed deur die graad van formaliteit van die gebruikskonteks: hoe formeler die konteks, hoe meer aandag gee die spreker aan sy of haar taalgebruik, wat neig in die rigting van wat gesien word as die standaard (en omgekeerd). Die graad van formaliteit word onder meer bepaal deur veranderlikes soos die sosiale konteks, sosiale rol of status van die deelnemers, ouderdom, geslag, asook die gespreksonderwerp (vgl. Romaine 2000:75). Volgens Romaine (2000:74) was een van die belangrikste bevindinge van die variasiesosiolinguistiek die onderlinge verband tussen styl- en sosiale variasie: Linguistiese kenmerke wat gereeld voorkom in die taalgebruik van die werkersklassspreker, neig ook om meer gereeld voor te kom in informele taalgebruik. Studies deur Labov en Trudgill het aangetoon dat dieselfde linguistiese veranderlike kan optree as merker vir beide sosiale klas en styl (vgl. Holmes 1992:266–9; Finegan en Biber 1994:317–8). Dit is dus om hierdie rede dat verskeie sosiolinguiste aanvoer dat stylvariasie gebaseer is op die variasie wat aangetref word in sosiale dialekte (laasgenoemde is gebruikersvariëteite wat deur sosiale faktore soos sosiale klas gevoed word) – dit wil sê die informele styl word gemodelleer op die vernakulêr van die laer sosio-ekonomiese klasse, terwyl die formele styl gebaseer is op die taalgebruik van sprekers in 'n hoër sosiale klas (vgl. Bell 2010:35; Finegan en Biber 1994:317; Holmes 1992:266–9; Labov 1970:22–4). In die woorde van Labov (1970:24): "For each group models its formal style on the speech behavior of those groups one or two steps above it in the social scale."

Bell (2010:36) voer aan dat die omvang van stilistiese variasie altyd kleiner of minder sal wees as die graad van sosiale variasie.

In hierdie studie word die konsep *styl* as 'n multidimensionele verskynsel gesien (vgl. Romaine 2000:78). Die stylaanpassing wat in poniekoerante voorkom, is primêr ontvangergerig, maar die invloed wat die waargenome graad van formaliteit van die onderwerp op stylaanpassings kan hê, kan nie uitgesluit word nie. Kotzé (2014:645) voer aan

dat selfs "in 'n koerant soos *Son*, wat poog om in sy beriggewing so na as moontlik aan die omgangstaalregister te kom, word berigte in 'n register geskryf wat ooreenstem met die tema, formeel of informeel, en is dit opmerklik dat die standaardtaalregister ook vir stilisties formele (of selfs neutrale) onderwerpe gebruik word".

Soos reeds genoem, val die fokus in hierdie ondersoek op die vernakulêre style wat aangewend word in 'n bepaalde tekstipe, naamlik nuusberigte. Poniekoerante bevat verskillende tipes tematies verwante berigte, soos nuus-, sport- vermaak- en motorberigte. Elkeen van hierdie tipes berigte word deur 'n bepaalde register gekenmerk. Die term *register*³ (wat, soos *styl*, 'n gebruiksvariëteit is) verwys na 'n gebruikssituasie of aktiwiteit wat gekenmerk word deur onderskeidende leksikale merkers en 'n voorspelbare taalstruktuur (vgl. Fahnestock 2011:86; Ferguson 1994:20). Die verskillende tipes berigte wat aangetref word in poniekoerante kan ook verskillende grade van formaliteit weerspieël, met nuusberigte wat heel waarskynlik formeler aandoen as van die ander tipes berigte. Maar by nuusberigte self kan ook stilistiese variasie waargeneem word, deurdat sekere nuusonderwerpe stilisties meer formeel kan aandoen as ander. In hierdie studie val die fokus op die nuusberigte as voorbeeld van 'n bepaalde register, en word daar vervolgens eerstens ondersoek ingestel na watter omgangstaalkenmerke deur die nuusregister aangeneem word in die twee poniekoerante, en tweedens of stilisties formele onderwerpe die gebruik van omgangstaalvorme beïnvloed.

3. Linguistiese kenmerke van die vernakulêr in *Son* en *Sondag*

'n Stilistiese ontleding van die nuusberigte wat in *Sondag* en *Son* verskyn het, is onderneem. Vir *Sondag* is die vyf *Sondag*-uitgawes wat verskyn het vanaf 28 Julie 2013 tot 25 Augustus 2013 geselekteer. Vir *Son* is die aanlyn uitgawes wat elke Dinsdag vanaf 4 November 2014 tot 2 Desember 2014 verskyn het, geselekteer – dit is vyf aanlyn uitgawes altesaam. Slegs die berigte wat as "nuus" geklassifiseer is in die koerant, is geselekteer.

Die *Sondag*-korpus het bestaan uit 51 860 woorde, terwyl die *Son*-korpus 25 992 woorde beslaan het. Die "opgevoerde" omgangstaal wat in die twee koerante ingespan is om hierdie "ernstige" nuus oor te dra, word vervolgens vergelykend bespreek.

Die volgende stylkenmerke kan onderskei word na aanleiding van die stilistiese ontleding van die nuusberigte in die twee koerante (aangebied in dalende volgorde van Engelse invloed):

- (i) kodewisseling na Engels
- (ii) direkte vertalings (insluitend verafrikaanse vorme)
- (iii) spreektaaluitdrukkings
- (iv) reduksievorme
- (v) taboevorme
- (vi) naamgewing

(vii) uitroepe

(viii) Afrikaans-spesifieke spreektaalitems.

Frekwensie-ontledings, wat met die hand gedoen is, is ook uitgevoer om te bepaal hoe frekvent die omgangsvorme in die twee tekscorpusse voorgekom het.

3.1 Kodewisseling na Engels

Een van die onderskeidende kenmerke van die omgangstaal in die twee koerante, is die kodewisseling na Engels. Die taalkontakverskynsel *kodewisseling* verwys na die gebruik van twee of meer tale in dieselfde gesprek (Myers-Scotton 1992:101). Vir die doeleindes van hierdie studie kan *kodewisseling* gedefinieer word as die gebruik van twee of meer kodes in skriftelike gebruik (vgl. ook Jonsson 2012:212).

3.1.1 Kodewisseling en leenwoorde

In die vakliteratuur oor kodewisseling word daar onderskei tussen *sinsinterne kodewisseling* ("intrasentential codeswitching") en *sinseksterne kodewisseling*⁴ ("intersentential codeswitching"). *Sinsinterne kodewisseling* verwys na die wisseling van een taal na 'n ander taal in dieselfde sin (vanaf morfeemvlak tot langer stukke), terwyl *sinseksterne kodewisseling* verwys na die wisseling wat voorkom tussen sinne (vgl. Myers-Scotton 1992:101; Ponelis 1998:35). Ter illustrasie:

Sinsinterne kodewisseling:

"Hulle **kids** het nie redenaars gewen nie en nou is hulle dikbek!" sê Ronel. (*Sondag*, 25 Augustus 2013, bl. 7)

Sinseksterne kodewisseling:

"Die mense kom klop aan my deur tot diep in die nag. **People see me as a father figure.**" (Ponelis 1998:35)

'n Tweede en belangrike onderskeid wat getref word in die vakliteratuur oor kodewisseling is dié tussen *sinsinterne kodewisseling* en *leenwoorde*. Wanneer kan 'n leksikale item wat uit 'n ander taal (d.i. die ingebedde taal) oorgeneem word, beskou word as kodewisseling, en wanneer is dit 'n leenwoord? Die term *sinsinterne kodewisseling* word in hierdie studie gebruik om te verwys na daardie leksikale items wat direk oorgeneem is uit Engels en in die plek van gevestigde of bestaande Afrikaanse leksikale items gebruik word, maar nog nie erken word as gevestigde vorme in Standaardafrikaans nie (vgl. Carstens 2011:313–5). Die term *leenwoord* verwys na daardie leksikale items wat direk oorgeneem is uit Engels, die brontaal, en algemeen gebruiklik geword het in Standaardafrikaans, die matrikstaal (bv. "cowboy", "township", "straight" (heteroseksueel), "gay", "affair", "flirt"). Om te bepaal watter woorde leenwoordstatus geniet, sal die *HAT* (2015) as verwysing gebruik word. Twee tipes leenwoorde kan egter onderskei word:

- (a) Die eerste groep leenwoorde is daardie leenwoorde wat direk oorgeneem is uit Engels om 'n bepaalde leksikale leemte of behoefte te vul in Standaardafrikaans, en

waarvoor daar geen gepaste of raakvat ekwivalente vorm in Standaardafrikaans bestaan nie. Voorbeelde uit die data sluit in "cowboy", "country" (musiekgenre), "rock" (musiekgenre), "township", "gentlemen" en "gay"(vgl. ook Carstens 2011:312–3).

(b) Die tweede groep leenwoorde is daardie leenwoorde wat in Standaardafrikaans erken word vanweë die algemene gebruiklikheid daarvan, byvoorbeeld "sexy", "song", "show", "affair". Vir hierdie groep leenwoorde wat nie weens 'n leksikale behoefte ontstaan het nie, bestaan daar wel 'n ekwivalente vorm in Standaardafrikaans, en die leenwoorde word dus naas die ekwivalente vorm gebruik. By hierdie groep leenwoorde kan daar onderskei word tussen leenwoorde wat vir sowel die formele as informele register van Afrikaans gepas is (soos "flirt", "posters", "affair") en leenwoorde wat beperk is tot slegs die informele register van Afrikaans (soos "sexy", "show", "funky", "stupid", "cool", "spam"). (Vgl. in hierdie verband die etikette by ontlenings uit Engels in die *HAT*, waar sekere ontlenings uit Engels (soos "sexy", "show", "funky") met die etiket "informeel" of "sleng" gemerk word, terwyl dit by die ander ingeburgerde ontlenings uit Engels (bv. "flirt", "posters", "affair") ontbreek.) (Vgl. ook Myers-Scotton 1993:169–75 vir 'n soortgelyke onderskeid tussen leenwoorde.)

Vir die doeleindes van hierdie studie word ontlenings uit Engels wat in die *HAT* met die etiket "informeel" of "sleng" gemerk is, as kodewisseling beskou en by die ontledings ingesluit. Ontlenings uit Engels (soos "flirt", "posters", "affair", "straight") wat in die *HAT* nie as "informeel" of "sleng" gemerk is nie, word gesien as gevestigde leenwoorde en maak dus nie deel uit van die frekwensie-ontledings by kodewisseling nie. (Die bespreking wat hierna volg oor die strukturele kenmerke van kodewisseling in die nuusberigte van *Son* en *Sondag* sluit nie die kodewisseling wat voorkom by uitdrukkings en taboewoorde in nie. Hierdie kategorieë word later afsonderlik bespreek.)

3.1.2 Aard van kodewisseling in die twee koerante

Die kodewisseling in die nuusberigte van die twee koerante is uitsluitlik sinsinterne kodewisseling. Die volgende tipes sinsinterne kodewisselings kan onderskei word: *enkelwoordwisselings*, *meerwoordige wisselings* en *morfologies ingebedde wisselings*.

Enkelwoordwisselings het meer as twee derdes van die totale tipes kodewisselings uitgemaak en was by uitstek die frekwentste tipe wisseling in die twee koerante (*Sondag*: 68%; *Son*: 77%). Die topvyf enkelwoordwisselings word in tabel 1 hier onder weergegee.

Tabel 1. Voorbeelde van die frekwentste enkelwoordwisselings in *Sondag* en *Son*

<i>Sondag</i>		<i>Son</i>	
Enkelwoord-wisseling (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld	Enkelwoord-wisseling (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld
cops (19)	"Die cops is gebel toe die bure die vrou, wat vassit, alie in die lug op die trap	cops (24)	"Moyo is deur cops op patrollie gevang terwyl ook hy hom verbeel het hy is

	ontdek het." (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 17)		bedeeld soos 'n donkiehings." (<i>Son</i> , 25 November 2014, "Donkie-rapist op die job betrap") ⁵
show(s) (17)	"Jay het besluit om die show teen 'n spesiale tarief te doen." (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 6)	driver(s) (14)	"Honger boewe het 'n chips-lorrie beroof en sommer die driver se lunch ook gevat." (<i>Son</i> , 4 November 2014, "Honger boewe teiken chips-lorrie")
fan(s) (13)	"Hy (Giovanni Divito) word deur al sy fans op 'n troontjie geplaas, maar wat hy nou doen is verkeerd!" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 3)	lawyer (8)	"Bradley Muller, Liebenberg en Lackay se lawyer, sê die mans is Donderdag in hegtenis geneem, maar eers Saterdag aangekla." (<i>Son</i> , 18 November 2014, "Tatts' se verdagtes sal bly sit")
sexy (11)	"Armand is Sondag na afloop van sy vertoning by die Montana-familiemark in Pretoria afgeneem waar hy die sexy Cecily 'n stywe druk gee." (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 12)	bail(6)	"Die cops wat op klagte van korrupsie en diefstal teregstaan, het gister lag-lag bail gekry." (<i>Son</i> , 11 November 2014, "11 Cops het gister lag-lag bail gekry")
band(s)(10)	"Sondae staan hy steeds voor die gemeente en tokkel ook die kitaar in die jeug se band." (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 5)	shack (6)	"'n Kleuter (2) het die naweek tragies in 'n shack doodgebrand." (<i>Son</i> , 24 November 2014, "Meisie sterf in shack-vlamme")
		gangster(s) (5)	"Sy gesig is weggeblaas toe gangsters hom 17 skote in die gesig geskiet het." (<i>Son</i> , 4 November 2014, "Ou 17 keer in gesig geskiet")

Die enkelwoordwisselings wat voorgekom het in *Son* en *Sondag* was hoofsaaklik inhoudsmorfeme,⁶ en in die besonder naamwoorde.

Die meerwoordige wisselings het hoofsaaklik bestaan uit samestellings, kollokasies en ander adjektief-naamwoord-kombinasies en het nie meer as een sesde van die totale kodewisselings uitgemaak nie (*Sondag*: 15%; *Son*: 12%). Slegs 'n beperkte aantal meerwoordige wisselings

het meer as een keer voorgekom. Van die meerwoordige wisselings uit die twee korpusse sluit in:

Sondag: bug chasing (die gebruik om doelbewus met MIV-positiewe mense seks te hê om die virus te kry), gift giving (seks te hê met die doel om iemand met die MI-virus te besmet), sweeping statements, sexy stripper, fake boobs, sick freak, top dog, hot stuff, high profile event, trailer trash sexy looks

Son: drug dealer, game shop, load shedding, fake hijacking, hot tub, peak hours, extreme sports fan

Die morfologiese inbedding van Engelse lekseme het – soos in die geval van die meerwoordige wisselings – nie meer as een sesde van die totale kodewisselings uitgemaak nie (*Sondag*: 17%; *Son*: 11%). Twee tipes morfologies ingebedde vorme kan geïdentifiseer word: *hibriede samestellings* (insluitend deeltjiewerkwoorde) en *hibriede fleksievorme*. In hibriede samestellings word die Engelse lekseem vryelik as eerste of tweede lid van die hibriede samestelling ingespan. Voorbeelde uit die twee korpusse sluit in:

Sondag: lugdiens-site, swingersklub, take away-winkel, dames restrooms, celebrity-skinderjoernalis, rolprentvervaardiger-lover, sproet-boobs, dans clips, borg-band, stripkroeg, opspice

Son: bail-aansoek, mall-diefstal, parking-geld, condolence-kaartjie, donkie-rapist, besemstok-victim

In die hibriede fleksievorme is dit by uitstek die verledetydsfleksiemorfeem *ge-* wat met die Engelse werkwoordelike stam kombineer. Voorbeelde uit die korpusse sluit in:

Sondag: gehack, gerape, gehijack, ge-canvass, gefire, gephotoshop, gehost, gepost, gerecruit, gejoin, gespike, gesponsor", gerape, gmail, gestar

Son: ge-fire, ge-rape, ge-drop, ge-smile, ge-bust, ge-like, ge-hijack

Die wisselings na Engels in die twee koerante stel die koerante se onderskeie agendas op die voorgrond: in *Sondag* belig die wisselings hoofsaaklik die leefwyse van die glanspersoonlikhede en prominente persone, terwyl die wisselings in *Son* die koerant se misdaadfokus aksentueer. Volgens Montes-Alcalá (2012:82) kan kodewisseling in skriftelike gebruik aangewend word om 'n woord of idee te beklemtoon, en daardeur kan die leser se aandag meer geredelik getrek word as wat dit die geval sou wees indien alles in dieselfde taal aangebied sou word.

3.1.3 Frekwensie van kodewisseling in die nuusberigte

Die gebruik in poniekoerante is dat die (gestigmatiseerde?) Engelse wisselings in die nuusberigte nie tipografies aangedui word nie, terwyl dit in die hoofstroomkoerante soos *Rapport* baie keer tipografies, byvoorbeeld met skuinsdruk, belig word. Volgens Mahootian (2012:205) kan hierdie gebruik gesien word as 'n manier om die visuele grense tussen twee tale te verwyder. Die toenemende benutting van kodevermenging in poniekoerante kan 'n ideologiese skuif teweegbring vir die leser, waar die leser nie meer Afrikaans-Engelse

kodewisseling beskou as twee aparte taalsisteme nie, maar as 'n geïntegreerde sisteem (vgl. Heugh 2014:375).

Kodewisseling word in die nuusberigte ingevoer en voorgehou as een van die tipiese kenmerke van die vernakulêre style van die wit en bruin teikenleser. Die koerante hou voor dat wanneer sy lesers oor soortgelyke nuusonderwerpe praat, kodewisseling 'n integrale deel van hul nuusregister vorm. Maar hoe frekwent word kodewisseling in die twee koerante aangewend?

In die *Sondag*-korpus is 414 gevalle van individuele kodewisseling geïdentifiseer, terwyl daar in die *Son*-korpus 342 gevalle geïdentifiseer is. Die data is met die hand gekodeer. Die frekwensie van individuele wisselings⁷ is soos volg bereken:

$$\frac{\text{aantal gevalle van individuele wisseling}}{\text{totale aantal woorde in korpus}} \times 1\,000 = \text{aantal wisselings per } 1\,000 \text{ woorde}$$

In die *Sondag*-korpus was daar 8 wisselings per 1 000 woorde, terwyl die frekwensie in die *Son*-korpus 13,2 wisselings per 1 000 woorde was. In die *Son*-korpus kom daar bykans twee keer meer individuele wisselings na Engels voor as in die *Sondag*-korpus. Die frekwensie van die wisselings in die twee koerante blyk egter relatief laag te wees in vergelyking met hoe kodewisseling soms in die spreektaal aangewend word. In opnames wat gedoen is deur die navorser onder studente by die Universiteit van Pretoria was 'n veel hoër frekwensie van kodewisseling waarneembaar. Een van die opnames is willekeurig geselekteer vir vergelykingsdoeleindes. In hierdie opname (bestaande uit 2 056 woorde) en waaraan vyf studente deelgeneem het, het daar 73 individuele wisselings voorgekom, dus 35,5 wisselings per 1 000 woorde. Hierdie wisselings is bykans drie keer meer as die wisselings wat in die *Son*-korpus aangetref word, en vyf keer meer as in die *Sondag*-korpus.

Ter illustrasie die volgende voorbeeld van kodewisseling uit die getranskribeerde studenteopname:

Shantelle: Sias het my **gemessage**.

Chris: Hoekom **message** hy?

Shantelle: Ek weet nie want hy is **weird** soos ...

Dinah: Karel se Sias, hy is baie **weird**.

HD: Ja, maar Karel **broadcast chats** met 'n vraagteken. Met 'n z, **chatz**.

(...)

Shantelle: Kyk gou daai **cute** baba.

HD: Jy het my **wallpaper geadd**.

Chizelle: Ag, **cute**.

Shantelle: Kyk hoe **chuffed smile** hy omdat ek hom ... ja.

HD: Shantelle kan mos nie 'n **steady hand** hou nie.

Die onderaanbod van kodewisselingitems in die twee koerante is heel waarskynlik doelbewus gedoen, en doen sosiaal betekenisvol aan. Die betreklik laer frekwensie van wisselings na Engels in die twee koerante, vergeleke met in die spreektaal, kan beskou word as 'n doelbewuste strategie om die teikenleser nie te vervreem met 'n te hoë digtheid van kodewisseling nie, wat dalk as patroniserend, kunsmatig of oordadig beskou kan word (vgl. Giles en Smith 1979:54). Coupland, Coupland, Giles en Henwood (1988:9–10) het in hul

ondersoek bevind dat lesers wat die gekonvergeerde taalstyl ervaar as "oorakkommodasie", die taalgebruik gewoonlik negatief bejeën. 'n Oormatige gebruik van kodewisseling kan die indruk wek dat die koerant te hard probeer om die omgangstaal van die teikenleser na te boots. Kodewisseling word hier selektief aangewend om slegs die illusie te skep dat die joernalis die taal van die leser praat, sonder dat die wisseling as oordadig ervaar word en die informele nuusregister geloofwaardigheid inboet. Die persepsie word dus geskep dat die koerant op dieselfde wyse kodewisseling aanwend as die leser, terwyl dit statisties gesproke heel waarskynlik nie die geval is nie.

3.2 Direkte vertalings uit Engels

Engelse leksikale items word nie net direk oorgeneem nie, maar word ook baie keer direk (letterlik) vertaal in Afrikaans. Hierdie direkte vertalings word voorgehou as 'n tipiese kenmerk van die vernakulêre styl in die twee koerante. Twee tipes direk-vertaalde vorme kan onderskei word in die twee tekskorpuse, naamlik *direkte vertalings van leksikale items* en *navolging van die Engelse grammatiese struktuur*. By eersgenoemde kan verder onderskei word tussen *verafrikaanste vorme* en (*bestaande*) *Afrikaanse woorde* "waarin die Engelse gebruik of betekenis oorgedra word" (Ponelis 1998:40). (Die direkte vertaling van Engelse uitdrukings kom aan bod in die afdeling oor "uitdrukings".)

3.2.1 Verafrikaanste vorme

Verafrikaanste vorme is daardie groep leksikale items wat in die geskrewe vorm klankmatig verafrikaans word om by die skryftaalnorm van Afrikaans in te pas (Hendricks 2012:103). Voorbeelde van verafrikaanste vorme⁸ in die twee korpuse sluit die volgende in (aangebied in dalende volgorde van frekwensie):

Sondag: antie, pel(le), oukei, paartie, sorrie, orraait, kommin, tjomnies, grênd, koebaai, mërrem, paai(Engels: "pie")

Son: antie, tjommie, pel, Krismis, brekfis, breg (Engels: brag").

Die verafrikaansing van Engelse leksikale items het slegs in 'n beperkte mate voorgekom in die twee korpuse. Die verafrikaansing van Engelse leksikale items gee aan hierdie vorme 'n Afrikaanse "karakter", wat daarop sinspeel dat dit ewe goed by die skryftaalnorm van Afrikaans kan inpas, en dus by implikasie leenwoordstatus behoort te geniet.

3.2.2 Bestaande leksikale items met Engelse betekenis

In die spreektaal word leksikale items gereeld direk uit Engels vertaal, met die vertaalde item wat dan gebruik word in die plek van 'n aanvaarde Standaardafrikaanse ekwivalent. By hierdie tipe direkte leksikale vertalings word bestaande Standaardafrikaanse woorde baie keer ingespan, maar dan met 'n Engelse betekenisonderskeiding, byvoorbeeld:

Direk-vertaalde leksikale item: *George Clooney en sy meisie van twee jaar het opgebreek*. (Engels: "to break up")

Standaardafrikaanse ekwivalent: *George Clooney en sy meisie van twee jaar het die verhouding verbreek*.

Die woord "opbreek" is 'n erkende woord in Standaardafrikaans, maar sonder die Engelse betekenisonderskeiding van 'n "verhouding/verlowing verbreek". Dit is nie moeilik om te verstaan hoekom hierdie tipe direkte vertalings (in die vakliteratuur na verwys as *anglismes*⁹) so maklik die bestaande Standaardafrikaanse ekwivalent kan verdring nie, want die direk-vertaalde vorm is in baie gevalle 'n gevestigde Standaardafrikaanse woord (soos "opbreek") wat onder Engelse invloed 'n ander betekenis toevoeging kry.

Volgens Carstens (2011:323) is daar nie altyd eenstemmigheid oor wat nou eintlik as "anglisme" gesien word, en watter "anglisistiese vorme" al aanvaarbaar in die taal is nie. Om te bepaal watter direk-vertaalde leksikale items as Standaardafrikaans beskou word en watter nie, is die *HAT* en *Pharos* (2015) ingespan. Direk-vertaalde vorme (oftewel die Engelse betekenis) wat nie opgeneem is in die *HAT* of *Pharos* nie, asook daardie vorme wat met die etikette "uit Engels" en "informeel" gemerk is in die *HAT*, is in die data-ontleding ingesluit. In tabel 2 hier onder word enkele voorbeelde gegee van direkte vertalings wat in *Sondag* voorgekom het.

Tabel 2. Voorbeelde van die frekwentste direkte vertalings in *Sondag*

Direkte vertaling uit Engels (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld
opgebreek (3)	"George Clooney en sy meisie van twee jaar het opgebreek." (x verhouding verbreek/beëindig) (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 2)
oopmaak (3)	"Die vrou wou nie 'n saak oopmaak nie." (x aanhangig maak) (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 12)
ingedoen (2)	"Eers het hy Bernice van Loggerenburg van Benoni met R16 500 ingedoen." (x ingeloop/bedrieg) (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 7)
vasgevang (2)	"Die gladdebek-skurke is op kamera vasgevang." (x afgeneem/betrap) (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 10)

In *Son* het hierdie tipe direkte vertalings beperk voorgekom (vgl. ook Blignaut en Lesch 2014:32). Die volgende voorbeeld is geïdentifiseer:

"Shrien kan dalk **loop** oor swak getuies." (x vrygespreek word)
(*Son*, 25 November 2014, "Shrien kan dalk loop oor swak getuies").

3.2.3 Navolging van die Engelse grammatiese struktuur

Ook die grammatiese struktuur van Afrikaans staan onder die invloed van Engels in die spreektaal, en dis daarom nie vreemd dat die Engelse grammatiese struktuur soms nagevolg word in die twee "opgevoerde" vernakulêre style nie. In die twee korpusse is egter betreklik min gevalle geïdentifiseer waar die Engelse grammatiese struktuur nagevolg word. Enkele voorbeelde uit die twee korpusse sluit in:

Sondag:

"**Meeste** van die dames is verveelde en stoute huisvrouens wat graag mans wil ontmoet vir baie diskrete plesier by hulle huis of joune." (x Die meeste ...)
(*Sondag*, 11 Augustus 2013, bl. 8)

"Hy is glo al voorheen gewaar in Riviersonderend- en Lansdowne-**strate**." (x straat)
(*Sondag*, 18 Augustus 2013, bl. 7)

Son:

"Jy is nie die een **wie** ek my voorgestel het nie." (x wat)
(*Son*, 18 November 2014, "Gom dump bruid by altaar toe sy veil oplik")

3.2.4 Frekwensie van direkte vertalings

In die *Sondag*-korpus is 72 direkte vertalings geïdentifiseer – dit is 1,4 direkte vertalings per 1 000 woorde). In die *Son*-korpus is 19 gevalle geïdentifiseer – dit is 0,7 direkte vertalings per 1 000 woorde. In *Sondag* is direkte vertalings twee keer meer aangewend as in *Son*, en was daar dus 'n groter geneigdheid om Engelse leksikale items in 'n Afrikaanse vorm te giet. Volgens Ponelis (1998:40) het direkte vertalings die potensiaal om te funksioneer as 'n kragtige strategie wat deur Afrikaanssprekendes gebruik kan word "om die 'Engelse' konseptuele wêreld sy eie te maak". In teenstelling met die direkte oorneem van Engelse woorde tree direkte vertalings op soos Afrikaanse woorde, en dit verbaas nie dat direkte vertalings baie keer deur die spreker self of die ontvanger beskou word as Standaardafrikaans nie (vgl. De Wet 1997:389–91). Dit is dus nie duidelik of die direkte vertalings in die twee korpusse 'n doelbewuste poging aan die kant van die skrywer was om die vernakulêr uit te beeld, en of dit gewoon beskou is as erkende Standaardafrikaanse vorme nie. Verskeie van die direk-vertaalde vorme raak soms so algemeen gebruiklik dat dit moeilik uit Standaardafrikaans gehou kan word, en sulke vorme word dan ook mettertyd aanvaar in die standaardtaal (Carstens 2011:324).

3.3 Spreektaaluitdrukkings

Die spreektaaluitdrukkings wat in die poniekoerante voorkom, kan breedweg in twee groepe verdeel word: dié wat merkbaar beïnvloed is deur Engels, en dié wat meer Afrikaans-spesifiek is en waar die invloed van Engels merkbaar afwesig is. Dit is by laasgenoemde groep waar die lewenskragtigheid van Omgangsafrikaans waargeneem kan word. Die term *uitdrukking* word hier as sambreelterm gebruik om te verwys na spreekwoorde, idiome, gesegdes, segswyses, vaste vergelykings en vaste verbindings met *en* (soos in *gehoer en rumoer*) (vgl. HAT 2015:xiii). Om te bepaal watter uitdrukkings as Standaardafrikaans beskou kan word, is die HAT en Prinsloo (2012) se *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom* as basis gebruik, en sulke uitdrukkings is nie in die data-ontleding opgeneem nie. Slegs uitdrukkings wat beskou word as spreektaal het deel uitgemaak van die data-ontleding – dit wil sê daardie uitdrukkings wat met die etiket "plat" of "informeel" in die HAT en Prinsloo (2012) gemerk is, asook daardie uitdrukkings wat nog nie opgeneem is in die HAT of Prinsloo (2012) nie.

Engels-gebaseerde uitdrukkings het die volgende drie tipes ingesluit: *direkte oornames uit Engels*, *hibriede uitdrukkings* en *direk-vertaalde uitdrukkings*. Afrikaans-spesifieke uitdrukkings het ingesluit "eie" *skeppings* en *kreatiewe variasies op bestaande uitdrukkings*.

3.3.1 Direkte oornames uit Engels

Direk-oorgeneemde uitdrukkings uit Engels het beperk in die twee koerante voorgekom. In tabel 3 hier onder word al die Engelse uitdrukkings wat in die twee korpusse voorgekom het, geïllustreer.

Tabel 3. Voorbeelde van Engelse uitdrukkings in *Sondag* en *Son*

Sondag-korpus		Son-korpus	
Engelse uitdrukking	Betekenis	Engelse uitdrukking	Betekenis
"Get real, Kyknet!" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 3)	word wakker!/kry jou kop in rat!	"In 'n twiet op 23 Oktober sê Hofmeyr 'jammer vir die aanstoot, maar in my boeke is swartes die argitekthe van apartheid'. Go figure." (<i>Son</i> , 11 November 2014, "Steve laat hom nie vir 'n pop vat nie")	verbeel jou!
"Dis mos forbidden fruit, sê sy." (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2013, bl. 3)	nie toelaatbaar nie		
"You go girl, sê SONDAG!" (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2013, bl. 12)	aanmoediging om alles uit te haal vir iets		

3.3.2 Hibriede uitdrukkings

Hibriede spreektaaluitdrukkings bestaan uit Afrikaanse en Engelse komponente. In die *Sondag*-korpus is 16 hibriede uitdrukkings geïdentifiseer, terwyl daar slegs een hibriede uitdrukking in die *Son*-korpus voorgekom het ('n *show* in die kerk *opgesit*). In tabel 4 hieronder word van die hibriede uitdrukkings in *Sondag* geïllustreer.

Tabel 4. Voorbeelde van hibriede uitdrukkings in *Sondag*

Hibriede uitdrukking (frekwensie > 1 aangedui tussen hakies)	Betekenis
"... as die paw-paw die fan strike en die nag van die Lange Messe aanbreek"(2) (<i>Sondag</i> , 18 Augustus, bl. 16)	onaangename gevolge as iets openbaar word/op die lappe kom

"... op 'n trip gegaan na sy 'n bekende antidepressant gesluk het"(2) (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 3)	hallusineer as gevolg van dwelmgebruik
"Ek is fine. Alles is hunky dory "(2) (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 6)	dit gaan voorspoedig
Ilse het vreesliks ups en downs met haar gewig en haar selfbeeld het 'n groot knock gevat"(2) (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 3)	'n kombinasie van goeie en slegte ervaringe
"... die rede waarom hy nie wil hê mense moet weet hy batvir die ander span , is hy glo sy loopbaan gaan in sy moer wees" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 6)	iemand wat gay is
"Mandoza is op 'n lekker roll " (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 12)	geniet 'n periode van volgehoue sukses of voorspoed
"En toe strip Jay ook sy moer en laat glip 'n matrooswoord of twee" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 6)	jou ernstig vervies
"Min het Angola (Badprop) geweet dat hy eintlik vir 'n ride gevat en toe alte lekker uitgevang is" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 13)	mislei/bedrieg

3.3.3 Direk-vertaalde uitdrukkings uit Engels

Direk-vertaalde uitdrukkings uit Engels kan die gevolg wees van óf 'n leemte wat bestaan in die spreektaal, óf weens die bekendheid en algemene gebruiklikheid van die Engelse uitdrukking. Laasgenoemde is in baie gevalle die rede vir die direk-vertaalde uitdrukkings in die spreektaal, wat dan gebruik word in die plek van gevestigde Standaardafrikaanse uitdrukkings. In die *Son*-korpus is slegs twee voorbeelde van direk-vertaalde uitdrukkings geïdentifiseer: *skelm sien sy gat na aanval* en *die ander sy ding doen* (seksuele omgang). In die *Sondag*-korpus is 16 gevalle geïdentifiseer wat as direk-vertaalde uitdrukkings beskou kan word. (Naas Prinsloo 2012 is ook aanlyn woordeboeke soos die *The Free Dictionary* (2016), *Urban Dictionary* (2016) en *Cambridge English Dictionary* (2016) ingespan om te bepaal watter uitdrukkings as direkte vertalings beskou kan word.) Gegee die uitdagende aard van poniekoerante, verbaas dit nie dat sommige van hierdie tipe uitdrukkings die sosiale grense uitdaag van wat gesien word as aanvaarbare taalgedrag nie (vergelyk in hierdie geval die taboewoord *gat* in tabel 5 hier onder, wat veral gereeld opduik in hierdie tipe uitdrukkings).

Tabel 5. Enkele voorbeelde van direk-vertaalde uitdrukkings in *Sondag*

Direk-vertaalde uitdrukking	Betekenis
"David Gresham het die eerste keer vanjaar 'n merk in die Afrikaanse musiekbedryf gemaak na hulle Country-groepie 'n Ghoema gewen het" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 12)	bekendheid verwerf
"Leerling het brood in die oond en kerk kyk weg" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 5)	om swanger te wees

"Ons slaan die nuus hard" (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 4)	haal gereeld die nuusopskrifte
"Ons speel hard" (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 4)	kuier/drink kwaai
"Maar voordat Rippel en Tygerberg saam in die kooi gesprong het, het 'n paar dinge gebeur" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl.10)	werk saam as sakevennote/instansies wat saamsmelt
"... al rol hy gewoonlik nie so nie" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 6)	manier van doen/optree
"Ouma Gertrude Heinse, 'n weduwee, is gedaan gat gelek en sy en Lounette gaan nou aan die hof se onderhoudsdeur begin klop" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 5)	moeg gesoebat/ gekruip
"Die stoute fantasieë wat Gigi aan mans in haar Lollipop Lounge-stripleklub (...) verkoop, het haar waarskynlik aan die gat gebyt" (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2015, bl. 3)	onaangename gevolge meebring
"'n Week na die uitreiking het die fliek ook sy gat gesien" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 7)	misluk

3.3.4 "Eie" Omgangsafrikaanse uitdrukkings

"Eie" Omgangsafrikaanse uitdrukkings verwys breedweg na daardie tipe uitdrukkings in die twee "opgevoerde" vernakulêre style wat nie uit Engels vertaal is nie, of waarvan die Engelse invloed nie meer so duidelik herkenbaar is nie. Hierdie tipe uitdrukkings word getipeer as "eie" of "oorspronklike" skeppings. (Nie-Engelse invloede kan egter nie heeltemal uitgesluit word nie.) Hierdie groep uitdrukkings gee 'n aanduiding van die lewenskragtigheid van die vernakulêr. In die *Sondag*-korpus is 15 "eie" uitdrukkings geïdentifiseer en in die *Son*-korpus drie gevalle.

Tabel 6. Voorbeelde van "eie" skeppings in *Sondag* en *Son*

<i>Sondag</i>		<i>Son</i>	
"Eie" uitdrukking	Betekenis	"Eie" uitdrukking	Betekenis
"Daai saak is in Julie vanjaar hervat, maar die troepies sit steeds met volle betaling en ballas bak! " (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 10)	sit en niks doen nie	"Volgens hom het Ncube egter sterk gevriet getrek en wou hy met hom baklei" (<i>Son</i> , 25 November 2014, "Donkie-rapist op die job betrap")	baie kwaad word
" Punt innie wind " (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 7) [gaan baie goed	"Steve laat hom nie vir 'n pop vat nie" (<i>Son</i> , 11 November 2014, "Steve laat hom nie vir 'n pop vat nie")	bespotlik maak

"Elke jaar is daar 'n paar mense wat ordentlik daarin slaag om tydens die eerste Idols-oudisies hulle name onvoorwaardelik toffie te maak " (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 12)	jou naam bespotlik maak	" Sy kop het uitgehaak en hy het dagga gebruik" (<i>Son</i> , 18 November 2014, "Nóg 'n jong man sterf tragies")	nie by jou volle verstand wees nie
"Nee wat, haar koppie raas " (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2013, bl. 12)	nie by jou volle verstand wees nie		
"As 'n onderhoudsbevel nie eers vir Marlon laat hoes en betaal nie, kan hy in die tjoekie gaan kool vreet " (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 5)	swaarkry in die tronk		

3.3.5 Variasies op bestaande Standaardafrikaanse uitdrukkings

In die *Sondag*-korpus het uitdrukkings voorgekom wat soos Standaardafrikaanse uitdrukkings lyk, maar dan 'n onverwagse variasie opgelewer het deur die insluiting van 'n woord wat nie normaalweg met die uitdrukking geassosieer word nie.

In die korpus is die volgende twee gevalle geïdentifiseer:

"Alles word glo geblaas op Deona, wat ook maar **pienk agter die ore is**"(x nat agter die ore)
(*Sondag*, 28 Julie 2013, bl. 5)

"Die sanger Arno Jordaan het op Vrouedag sy **horings dik gemaak** en 'n Noord-Kaapse rammetjie goed gemoer!"(x stem dik gemaak/horing opgesteek)
(*Sondag*, 25 Augustus 2013, bl. 14).

3.3.6 Frekwensie van spreektaaluitdrukkings

In die *Sondag*-korpus is 52 spreektaaluitdrukkings geïdentifiseer, waarvan 17 as Afrikaans-spesifieke uitdrukkings getipeer kan word, en 35 Engels-gebaseerde uitdrukkings (insluitend direkte vertalings) was. In die *Son*-korpus is slegs sewe uitdrukkings geïdentifiseer, waarvan drie Afrikaans-spesifiek en vier Engels-gebaseerde uitdrukkings was. Proporsioneel gesien, is spreektaaluitdrukkings in die *Sondag*-korpus drie keer meer ingespan vergeleke met die *Son*-korpus. Uitdrukkings word in veral *Sondag* effektief ingespan vir beeldende effek. Uitdrukkings in poniekoerante dra daartoe by om die nuus storie beeldend en kleurvol oor te dra. In die woorde van *Sondag*-lesers:

Ek voel wat julle en ander voel deur net die goed te lees! Dis kleurryk, verstaanbaar en een stelling druk soveel emosie uit dat jy dadelik die uitdrukking vang en kan vereenselwig met die gevoel wat uitgedruk word. (Stephan 2012)¹⁰

Ai, ek hou van julle koerant. [...] Ek lees hom van voor tot agter. [...] Doen so voort, ek lag tog te lekker oor die mense se woordkeuses en maniere! (Hilde 2013)

Ai, SONDAG, ek is 'n ou tante, maar ek geniet die koerant uit 'n bos. Al die verskillende sêgoed van die mense. (Du Plooy 2013)

Dit is opvallend uit die data dat uitdrukkings veral onder die invloed van Engels staan. Dit is tog betekenisvol dat baie van die uitdrukkings vertaal is uit Engels, en nie net gewoon direk oorgeneem is uit Engels nie. Daar is dus 'n doelbewuste poging in veral *Sondag* om die uitdrukkings in 'n Afrikaanse "idioom" voor te dra. Vir Ponelis (1998:40) is hierdie (leen)vertalings 'n kragtige strategie wat Afrikaans kan gebruik om die Engelse idioom by die semantiese en konseptuele struktuur van Afrikaans te laat aanpas. Die aantal "eie" spreektaaluitdrukkings wat in die koerante voorgekom het, is op sigself betekenisvol, want dit kan dien as aanduiding van die lewenskragtigheid van die omgangstaal. Die omgangstaal het dus nog nie sy skeppingskrag verloor nie (altans so lyk dit), ondanks die oorheersende invloed van Engels.

3.4 Inkortings

Die invloed van Engels is ook duidelik waarneembaar by gereduseerde woordvorme (inkortings) wat in die poniekoerante ingespan word. In die *Sondag*-korpus is tot 33% van die inkortings direk of indirek oorgeneem uit Engels,¹¹ terwyl die persentasie in die *Son*-korpus op 38% te staan gekom het. Die term *inkortings* verwys na die morfologiese proses waar woorde ingekort word "met of sonder inagneming van die grondwoord se morfologiese struktuur", byvoorbeeld "gom" vir "bruidegom" (Van Huyssteen 2014:198). In die *Sondag*-korpus is 70 inkortings geïdentifiseer (dit is 1,3 inkortings per 1 000 woorde), terwyl daar slegs 16 inkortings geïdentifiseer is in die *Son*-korpus (dit is 0,6 inkortings per 1 000 woorde) – dit wil sê, inkortings is dubbel soveel ingespan in *Sondag* as in *Son*.

Die frekwentste inkortings het die volgende ingesluit:

Engelse inkortings (insluitend verafrikaanste vorme):

Sondag: porn (< pornography), celebs (< celebrities), sickos (< psychopaths), keppies (< captain), lêwwie (< lavatory), bra (< brother)

Son: rehab (< rehabilitation), premie (< premature baby)

Afrikaanse inkortings:

Sondag: onnie (< onderwyser), porno (< pornografie), doom (< dominee), skillie (< skilpad), trannies (< transgender), eks (< eksman/eksvrou), prossies (< prostitute), juffie (< juffrou)

Son: prossies (< prostitute), foon (< telefoon), gom (< bruidegom)

Inkortings word as tipies van die omgangstaal gesien (Van Huyssteen 2014:199) en word hier ingespan om die vernakulêr so geloofwaardig en realisties as moontlik uit te beeld.

3.5 Taboewoorde

Die taboewoorde wat in die twee poniekoerante ingespan word, is oorwegend Afrikaanse taboewoorde, met enkele taboewoorde wat direk oorgeneem is uit Engels. Die term *taboewoorde* word hier gebruik om te verwys na daardie groep woorde wat maklik aanstoot kan gee, en daarom is die algemene sosiale norm dat hierdie woorde liefers vermy behoort te word in sogenaamde "goeie" of "formele" geselskap (vgl. Otto 2014:332). Om te bepaal watter woorde as taboewoorde geklassifiseer kan word in die twee korpusse, is woorde wat in die *HAT* met die etikette "plat", "kragwoord", "obseen", "kwetsend", "onfyn" en "vulgêr" gemerk is, as taboewoorde gereken, asook daardie taboewoorde wat nog nie in die *HAT* geïmplementiseer is nie. Die konsep *taboewoorde* is 'n gradeerbare konsep, met die een uiterste punt van die kontinuum woorde wat minder aanstootlik is (soos "vreet" vir "eet"), en die ander uiterste punt van die kontinuum hoogs aanstootlike woorde (soos "kak"). Die gebruik in die poniekoerante is om taboewoorde wat as uiters vulgêr of obseen beskou word, nie volledig uit te skryf nie, maar met 'n asterisk in te kleur, byvoorbeeld:

"Die k*k weet hulle egter nie tot hulle in daai terrible posisie is nie, waarsku hy"(*Sondag*, 25 Augustus 2013, bl.5)

"Toe raak die man baie lelik met my en sê vir my hy is lus om my sommer uit die van te p**s"(*Son*, 4 November 2014, "Pasiënt kry glo vloek-treatment").

Taboewoorde het frekwenter voorgekom in *Sondag* as in *Son*. In vergelyking met die *Son*-korpus het taboewoorde in die *Sondag*-korpus vier keer meer voorgekom. Blignaut (2014:117) wys daarop dat die redaksie van *Son* erken het dat daar 'n bewuste besluit geneem is om weg te beweeg van die gebruik van taboewoorde in hul beriggewing. Dit verklaar die beperkte voorkoms van taboewoorde in die *Son*-korpus, waarvan slegs 12 geïdentifiseer is. In die *Sondag*-korpus is 113 taboewoorde geïdentifiseer, waarvan slegs sewe direk oorgeneem is uit Engels. Opvallend was die vulgêre en obsene aard van die Engelse taboewoorde, en dat hierdie taboewoorde veral in die sitaatgedeeltes van die nuusberigte voorgekom het. Verskeie van die Engelse taboewoorde is dan ook met asteriske gemerk:

"So het die advertensie vir Enterprise Car Hire 'free pick up' en 'c*ck sucking' geadverteer" (*Sondag*, 4 Augustus 2013, bl. 2)

"Ramsay, wat bekend is vir die gereelde f*ckwat hy inglip op sy TV-programme, is reeds 'n celebrity chef oorsee"(*Sondag*, 4 Augustus 2013, bl. 10)

"Dis egter f*cked up, want vir een aand se lekkerkry betaal jy 'n leeftyd se prys" (*Sondag*, 25 Augustus 2013, bl. 5).

Enkele verafrikaanse vorme is ook in die *Sondag*-korpus aangetref:

"Wel, miskien weet die 116 240 lesers wat gestem het, **boggherol** van fliks af, of dalk is die syfers gekook" (*Sondag*, 28 Julie 2013, bl. 11).

Die oorgrote meerderheid van die taboewoorde wat in die koerante voorgekom het, was Afrikaanse taboewoorde: In die *Sondag*-korpus was 104 van die 113 taboewoorde Afrikaanse

taboewoorde, en in die *Son*-korpus was al 12 taboewoorde Afrikaanse taboewoorde. 51% van die Afrikaanse taboewoorde in *Sondag* was dié met die morfeem "gat", "moer" en "bek":

Tabel 7. Voorbeelde van frekwente taboewoorde in *Sondag*

Taboewoorde met <i>gat</i> (frekwensie: 30)	Taboewoorde met <i>moer</i> (frekwensie: 13)	Taboewoorde met <i>bek</i> (frekwensie: 8)
"Justin Theroux loop graag kaalgat by die huis rond" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 2)	"Dit nadat hulle in Junie oorgestap het na die Wild West (...) en die bar ladies daar des moers gaan bliksem het!" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 11)	"Hy was verskriklik dikbek" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 13)
"(...) Charl beweert sy gatgabby is net 'n huurder" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 6)	"(...) die mense van Meyerton is hoogs bemoerd omdat die kerk glo die gedoente goedkeur" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 5)	"Van die BKA se volgelinge was nogal grootbek oor Charlize" (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2013, bl. 12)
"Mense is só gatvol vir misdaad en om daarvan te lees (...)" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 6)	"(...) hy glo sy loopbaan gaan in sy moer wees" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 6)	
"Volgens M-Net se mense is hierdie die groepie wat tot dusver die heel meeste aandag getrek het vir uitsonderlike naamvergating" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 12)	"Volgens die tik-gebruiker is dit 'n moerse grap!" (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2013, bl. 5)	
"Dirk wat ook 'n medebeskuigde was, het landuit gevlug en sit tans met sy gat in 'n tronk in Belarus na 'n mislukte bankrooftog" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 4)	"Die sanger Arno Jordaan het op Vrouedag sy horings dik gemaak en 'n Noord-Kaapse rammetjie goed gemoer!" (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 14)	

Die frekwentste taboewoorde in *Son* was ook samestellings met "gat":

"'n Vuilgat en sy tjommie het sy dronk eks-girlfriend (27) na bewering verkrag"
(*Son*, 4 November 2014, "Rape na suipery")

"Die motoris, Ruan van Tonder, het gister aan *Son* vertel hoe hy Vuyani laat les opsê het, want hy is gatvol van korrupsie"
(*Son*, 4 November 2014, "Grootkop se boet in skandaal")

"Inwoners op dié dorp doen alles kaalgat"
(*Son*, 2 Desember 2014, "Inwoners op dié dorp doen alles kaalgat").

In *Sondag* is 'n wye verskeidenheid taboewoorde met 'n seksuele verwysing aangetref:

rondneuk, gelooi, spyker, knippie (geslagsgemeenskap hê), groepwoepse (groepseks), pompjoggies (manlike sekswerkers), jags (sterk drang tot seks)

In *Son* is die volgende woorde ingespan om na seksuele omgang te verwys:

pomp-sessie, gelooi, opklim

In ooreenstemming met die Engelse taboewoorde, kom die Afrikaanse taboewoorde wat met die etiket "vulgêr" gemerk is in die *HAT*, uitsluitlik voor in die sitaatgedeeltes van die nuusberigte – dit wil sê, die bronne wat aangehaal is in die nuusberigte het meer gereedelik gebruik gemaak van vulgêre en obsene taboewoorde.

Die gebruik van eufemistiese vorme vir sommige taboewoorde is grootliks afwesig in die twee korpusse. Slegs in een geval is die eufemistiese "moewiese" ingespan in die plek van die taboewoord "moerse":

"En in plaas daarvan dat Will onder kerklike sensuur geplaas is, speel hy steeds 'n moewiese rol in die jeugaksie by die kerk" (*Sondag*, 4 Augustus 2013, bl. 5).

In die *Sondag*-korpus het 113 taboewoorde voorgekom, wat dui op 'n frekwensie van 2,2 taboewoorde per 1 000 woorde. Die frekwensie van taboewoorde in die *Son*-korpus was veel laer (0,5 woorde per 1 000 woorde), wat 'n direkte uitvloeisel van die redaksionele beleid van die koerant is. Die gebruik van taboewoorde in die poniekoerante kan as 'n direkte uitdaging van sosiale norme gesien word, want taboewoorde word grootliks aangewend om te skok en die grense van wat as sosiaal aanvaarbaar beskou word, uit te daag. Die aanwending van taboewoorde in poniekoerante kan gesien word as 'n direkte uitdaging van heersende sosiolinguistiese norme in Afrikaans, waarin tussen gepaste en onvanpaste taalgebruik onderskei word.

3.6 Byname

Die byname wat ingespan word in *Sondag* is oorwegend Afrikaanse byname, met slegs enkele byname wat direk oorgeneem is uit Engels. Die gebruik van byname in dié koerant skep die indruk dat die joernalis 'n tweegesprek voer met die leser, en verhoog die intimiteitsvlak van die nuusregister. Die gebruik van byname vir bekende glanspersoonlikhede en politici is slegs in *Sondag* aangetref. In die *Sondag*-korpus is 17 gevalle geïdentifiseer waar byname gebruik is.

Van die frekwentste voorbeelde is:

Engelse byname:

"Die **Italian Stallion**-superstar, Giovanni Divito" (*Sondag*, 18 Augustus 2013, bl. 3)

"**Big Daddy**, Lance James" (*Sondag*, 11 Augustus 2013, bl. 13).

Afrikaanse byname:

"Steve **Losgulp** Hofmeyr" (*Sondag*, 18 Augustus 2013, bl. 15)

"Armand '**Minigulpie**' Hofmeyr" (verwysend na Steve Hofmeyr se seun) (*Sondag*, 18 Augustus 2013, bl. 15)

"**Meneer Groot Beloftes**, Stephen Swart" (*Sondag*, 4 Augustus 2013, bl. 7)

"Louis **Taaibos** Baartman" (*Sondag*, 28 Julie 2013, bl. 12)

"**Ou Bob**" (verwysend na Robert Mugabe) (*Sondag*, 25 Augustus 2013, bl. 15)

"Onse **Stevie**" (Steve Hofmeyr) (*Sondag*, 25 Augustus 2013, bl. 3)

"Wag net vir ou **Zoempie**" (verwysend na president Zuma) (*Sondag*, 4 Augustus 2013, bl. 14).

Die (sarkastiese) aanwending van familietitels soos *Pappa* en *Mamma* by sekere persoonsname val ook op in *Sondag*: "Mamma Amor Vittone", "Pappa Steve Hofmeyr" en "boetie Armand Hofmeyr" (28 Julie 2013, bl. 12).

Dit is opvallend dat die aanwending van Engelse byname 'n meer positiewe houding teenoor die bekendes uitdruk. Daarteenoor is baie van die Afrikaanse byname minder vleierend teenoor die bekendes, en weerspieël dit die koerant se negatiewe verhouding met sekere glanspersoonlikhede en politici. Die verwysing na Steve Hofmeyr as "Losgulp", sy seun as "Minigulpie" en Robert Mugabe as "ou Bob" kan gesien word as minagtend teenoor dié betrokke bekendes. Die gebruik van verkleinvorme by voorname, wat kan dui op 'n vorm van vertedering (vgl. Van Niekerk en Olivier 2014:303), word in *Sondag* oorwegend aangewend om juis die teenoorgestelde teweeg te bring, naamlik om verkleinerend en minagtend aan te doen. Die verwysing na Jacob Zuma as "Zoempie" en Steve Hofmeyr as "Stevie" dui nie op 'n gevoel van toegeneentheid nie, maar is eerder 'n aanduiding van die koerant se minagting vir hierdie bekendes, dat hierdie bekendes eintlik geen openbare vertrouwe inboesem nie, en juis nie ernstig opgeneem kan word nie (vgl. Conboy 2006:23). Op dieselfde wyse dui die tradisionele respektmerkers "mamma", "pappa" en "boetie" allesbehalwe op respek, maar doen dit sarkasties aan. Die benoeming "Pappa Steve Hofmeyr" is byvoorbeeld geen respektbetoning nie, maar 'n sarkastiese sinspeling op die aantal buite-egtelike kinders van Steve Hofmeyr.

Die gebruik van byname in die poniekoerant staan in diens van 'n groter intimiteit en bekendheid vir die leser, en dra by tot die demistifisering van die wêreld van die bekendes (vgl. Conboy 2006:23).

3.7 *Uitroepsworde*

Uitroepsworde het slegs in *Sondag* voorgekom, en was oorwegend Afrikaanse uitroepsworde. *Uitroepsworde* verwys na daardie kategorie woorde wat sterk affek uitdruk, soos verbasing, ongeloof, afkeuring, blydschap, teleurstelling, pyn, ens. (Ponelis 1979:382–3).

In die *Sondag*-korpus is slegs 12 gevalle geïdentifiseer waar uitroepswoorde voorgekom het, met *sies* en *sjoë* die enigstes wat twee keer voorgekom het:

"**Sies**, jou slapgat!" (*Sondag*, 28 Julie 2013, bl. 1)

"Die oorspronklikste tweets kort na Kate gekraam het, was: 'Die baba is 8-pond-**sjoë**, maar dis baie goedkoop!'" (*Sondag*, 28 Julie 2013, bl. 15)

"**En wraggies!** Daar was toe 'n skillie in die boksie!" (*Sondag*, 18 Augustus 2013, bl. 9)

"Bankrot? **Watwou!** Die swemmer Ryk Neethling is eerder stinkryk!" (*Sondag*, 4 Augustus 2013, bl. 6)

"Wat **de hel?!**" (*Sondag*, 28 Julie 2013, bl. 13)

"Wat op **dees aarde** het verkeerd gegaan?" (*Sondag*, 11 Augustus 2013, bl. 7).

Die uitroepswoorde wat voorgekom het in *Sondag* sorg vir 'n affektiewe inkleding van die nuusberigte. Dit is opvallend uit die korpus dat affekgelaaide woorde (soos taboewoorde en uitroepswoorde) hoofsaaklik in Afrikaans voorgekom het. Hoe sterker die emosie, hoe groter die kans dat Afrikaanse leksikale items voorkeur sal geniet.

3.8 Afrikaans-spesifieke spreektaalitems

Verskeie spreektaalitems wat nie ingedeel kan word in die kategorieë soos hier bo beskryf nie, het in die twee koerante voorgekom. Hierdie spreektaalitems waar die invloed van Engels merkbaar afwesig is, of nie meer duidelik herkenbaar is nie, word hier gekategoriseer as *Afrikaans-spesifieke spreektaalitems*. (Nie-Engelse invloede kan natuurlik nie heeltemal uitgesluit word by hierdie kategorie nie.) Hierdie tipe spreektaalitems kan verdeel word in *algemeen gebruiklike leksikale items* en *nie-algemeen gebruiklike leksikale items*. Algemeen gebruiklike spreektaalitems is daardie groep leksikale items wat oor die hele Afrikaanse taalgebied versprei is en nie streek- of groepsesifiek is nie. Om te bepaal watter spreektaalitems as algemeen gebruiklik beskou word, is die *HAT* ingespan, en al die woorde wat met die etiket "informeel" gemerk is, is as algemeen gebruiklik gereken. *Nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems* verwys hier na leksikale items (of hul betekenis) wat nie oor die hele Afrikaanse taalgebied voorkom nie. Die kategorie *nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems* word as 'n kontinuum beskou, wat wissel van groepsesifieke items tot by items wat uitgebreider voorkom (dit wil sê, in meerdere sosiale groepe of streke kan voorkom), maar wat nog nie ten volle oor die hele taalgebied versprei is nie. Hierdie kategorie sluit in spreektaalitems wat in die *HAT* opgeneem is met die etiket "sleng", asook daardie spreektaalitems wat nog nie gelemmatiseer is in die *HAT* nie.

Algemeen gebruiklike spreektaalitems het 'n hoë voorkomingsfrekwensie in albei korpuse, soos in tabel 8 hier onder geïllustreer word.

Tabel 8. Voorbeelde van die frekwentste algemeen gebruiklike spreektaalitems in *Sondag* en *Son*

<i>Sondag</i>		<i>Son</i>	
Leksikale item (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld	Leksikale item (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld
daai (20) (x daardie)	"Dis nog 'n bogkind daai (...)" (<i>Sondag</i> , 4 Augustus 2013, bl. 5)	daai (5) (x daardie)	"Daai kopwond het sy dood veroorsaak" (<i>Son</i> , 2 Desember 2014, "Stiefma hoor binnekort of sy gaan mang")
vat(9) (x gekry)	"Ilse het vreeslik ups en downs met haar gewig en haar selfbeeld het 'n groot knock gevat omdat sy van suksesvolle model tot full figure tot nobody gegaan het" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 3)	hol (4) (x hardloop)	"Ek het ná dit onmiddellik weggehol, want ek was bang hulle skiet my net daar dood." (<i>Son</i> , 4 November 2014, "Honger boewe teiken chips-lorrie")
tannie (7) (x tante)	"Mandoza is deesdae só famous onder Afrikaanse mense, selfs tannies wat boerewors gaan koop by Checkers weet al hoe hy lyk" (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 12)	vat(4) (x neem)	"Kykers sal ook kan sien hoe inwoners die nuus vat dat eiendomsontwikkelaars 'n behuisingsontwikkeling van miljoene rande in die omgewing wil bou" (<i>Son</i> , 2 Desember 2014, "Inwoners op dié dorp doen alles kaalgat")
tjoekie (6) (x tronk)	"Cezanne meld aan vir haar tyd in die tjoekie" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 5)	tjoekie (6) (x tronk)	"'n Man wat 'n vrou tussen grafte verkrag het, is vir tien jaar tjoekie toe gestuur" (<i>Son</i> , 4 November 2014, "Rape tussen grafte laat man 10 jaar in tjoekie sit")
waai (5) (x padgee)	"'n Nederlander wat al 17 jaar lank in Suid-Afrika bly, is deur die departement van binnelandse sake gesê om sy goedjies te vat en te waai!" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 16)	jol(lery) (2) (x luidrugtig partytjie hou of pret hê)	"Hy was net daar om te jol met vriende toe dit gebeur het" (<i>Son</i> , 25 November 2014, "Jollery eindig tragies")
jol(lery) (5)	"Ouers en personeellede	die jong (2)	"Die jong het toe vir Justin

(x rondkuier)	is glo keelvol vir die hoof van Bryanston parallelmedium- laerskool se jollerymet die drama-juffrou (...)" (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 7)	(x die seun)	uitgevloek" (<i>Son</i> , 11 November 2014, "Messe, panga, byl eis laaitie")
hol (5) (x hardloop)	"(...) maar toe hol hy vinnig na sy prokureur toe" (<i>Sondag</i> , 28 Julie 2013, bl. 5)		

Uit die teksdata word dit duidelik dat daar 'n groot mate van ooreenkoms tussen die twee poniekoerante is wat betref die voorkoms van die algemeen gebruiklike spreektaalitems. Wat verder uit die data blyk, is dat daar 'n groter verskeidenheid algemeen gebruiklike spreektaalitems voorgekom het in die *Sondag*-korpus as wat die geval was in die *Son*-korpus, byvoorbeeld: "pop" (mooi meisie), "doedie" (vrou), "dolla" (meisie), "grootkop" (belangrike persoon), "skeef" (gay), "flerrie" (koket) en "dop" (drankie). Die algemeen gebruiklike spreektaalitems het 107 keer voorgekom in die *Sondag*-korpus – dit is 'n frekwensie van 2,1 spreektaalitems per 1 000 woorde. In die *Son*-korpus was die frekwensie relatief laer, met slegs 27 van hierdie spreektaalitems wat voorgekom het – dit is 'n frekwensie van 1 spreektaalitem per 1 000 woorde. In *Sondag* is algemeen gebruiklike spreektaalitems dubbel soveel gebruik as in *Son*.

Wat die voorkomingsfrekwensie van die nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems betref, het die volgende spreektaalitems frekwent voorgekom:

Tabel 9. Voorbeelde van die frekwentste nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems in *Sondag* en *Son*

<i>Sondag</i>		<i>Son</i>	
Leksikale item (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld	Leksikale item (frekwensie tussen hakies)	Voorbeeld
laaitie (4) (x seun)	"'n Agtjarige laaitie van Pretoria het getrou met 'n 61-jarige vrou na sy voorvadergeeste vir hom gesê het hy moet!" (<i>Sondag</i> , 11 Augustus 2013, bl. 3)	mang (7) (x tronk toe)	"J. ARTHUR Brown, voormalige baas van Fidentia, gaan mang" (<i>Son</i> , 2 Desember 2014, "Brown van Fidentia gaan mang")

stukkie (3) (x meisie)	"Giovanni (...) het skaamteloos foto's van hom en sy stukkie op Facebook geplaas" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 3)	die jongens (6) (x seuns)	"Die jongens wou my toe ook vermoor. 'n Man wat daar naby woon, het die jongens verwilder." (<i>Son</i> , 11 November 2014, "Messe, panga, byl eis laaitie")
dik (2) (x sat/moeg)	Sy het nou genoeg gehad van die tronk en is behoorlik dik vir die kos hier" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 4)	laaitie (3) (x seun)	"Intussen veg 'n 16-jarige laaitie om sy lewe in die Helderberg-hospitaal nadat hy Sondagaand geskiet is" (<i>Son</i> , 11 November 2014, "Skelm sien sy gat na aanval")
gooi (2) (x speel)	"Dié manne het harde blues vibes gegooi en 'n paar feesgangers gelukkig gemaak (...)" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 13)		
potkop (2) (x dagga-roker)	"'n Potkop van Amerika was dom genoeg om die polisie te bel toe sy aaptwak gesteel is!" (<i>Sondag</i> , 18 Augustus 2013, bl. 9)		
jassies (2) (x kondome)	"(...) dis nie hulle (klubeienaars se) plig om vir hulle klante te gaan jassies aantrek nie" (<i>Sondag</i> , 25 Augustus 2013, bl. 5)		

Ander nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems wat slegs een keer voorgekom het in die twee korpusse sluit in:

Sondag: moemfie (vrou), dik ding (belangrike persoon), blare (geld), aaptwak (dagga), getrek (dronk), paggeld (onderhoudgeld), geroer (finansiële ingeloo)

Son:¹² tikkop (iemand wat verslaaf is aan die dwelm tik), hof loop (hof verskyn), dronkies (dronk manne), om in te tik (om die dwelm tik te gebruik)

Die voorkomingsfrekwensie van die nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems was in beide poniekoerante (vreemd genoeg) presies dieselfde: in die *Son*-korpus het dié spreektaalitems 22 keer voorgekom – dit is 'n frekwensie van 0,8 spreektaalitems per 1 000 woorde – en in die *Sondag*-korpus 42 keer, wat ook 'n frekwensie van 0,8 spreektaalitems per 1 000 woorde was. In *Sondag* het daar egter 'n groter verskeidenheid van die nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems voorgekom as wat die geval was in *Son*. In die *Son*-korpus was daar nietemin 'n groter konsekwentheid te bespeur by die gebruik van die nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems. Die relatief lae voorkomingsfrekwensie in *Son* val veral op as daar in aanmerking geneem word dat daar aangevoer is dat die omgangstaalvorme in *Son* hoofsaaklik gebaseer is op die streeksgebaseerde variëteit Kaapse Afrikaans, wat bekend is vir sy eiesoortige leksikale variasie.

Die kategorie *Afrikaans-spesifieke spreektaalitems* was naas *kodewisseling* die frekwentste kenmerk van die "opgevoerde" style in *Sondag* en *Son*. In die *Sondag*-korpus was die voorkomfregkwensie van die totale Afrikaans-spesifieke spreektaalitems 2,9 items per 1 000 woorde, terwyl dit in die *Son*-korpus ietwat laer was op 1,9 items per 1 000 woorde. Die relatief lae frekwensie van die Afrikaans-spesifieke spreektaalitems in verhouding met die hoë voorkomfregkwensie van kodewisseling na Engels onderstreep die dominante krag van Engels in die vernakulêr.

3.9 Groepspeisifieke leksikale merkers?

Sommige linguistiese veranderlikes het die potensiaal om as merkers van beide styl en sosiale klas op te tree (sien bespreking in afdeling 2 hier bo). In hierdie afdeling word daar ingegaan op watter stylmerkers, soos hier bo geïdentifiseer, ook as tiperend van 'n bepaalde sosiale klas geregistreer kan word. Volgens die redakteurs van *Sondag* en *Son* is die omgangsvorme in die twee koerante gerig op onderskeidelik die wit en Kaapse bruin werkersklasspreker. Die stilistiese ontleding wat in hierdie studie uitgevoer is, dui daarop dat daar min te kies is tussen die twee "opgevoerde" vernakulêre style wat voorkom in die nuusregisters van *Sondag* en *Son*. Dit is opvallend uit die voorgaande stilistiese ontleding dat die omgangsvorme wat in die nuusberigte aangewend word, primêr verband hou met leksikale variasie, met weinig grammatiese variasie wat daarin teruggevind kan word. Dié groter ooreenkomste tussen die twee poniekoerante is heel waarskynlik die gevolg van 'n selektiewe aanwending van die variasie wat in Kaapse Vernakulêre Afrikaans voorkom. Die feit dat kenmerkende fonologiese, morfologiese en sintaktiese verskynsels (soos affrisering, in bv. "djy"; vokaalverhoging, in bv. "wietie"; postvokaliëse r-weglating, in bv. "wee" (x weer); die oortollige gebruik van graadtrapmorfeme, in bv. "bietere"; gebruik van die bepaalde lidwoord *die* voor 'n pleknaam, in bv. "In die Lavender Hill") wat veral in Kaapse Vernakulêre Afrikaans aangetref word (vgl. Hendricks 2012:103–7; Saal en Blignaut 2011:350–1), nie in *Son* aangewend word nie, dra direk daartoe by dat daar min te kies is tussen die omgangsvorme wat aangewend word in die nuusregisters van die twee poniekoerante. *Son* het doelbewus besluit om sekere grammatiese verskynsels wat tiperend is van Kaapse Vernakulêre Afrikaans, te ignoreer deur in hul stylaanbod primêr op kodewisseling en sekere Afrikaans-spesifieke spreektaalitems te fokus (vgl. ook Blignaut en Lesch 2014:37). Die onderstaande twee voorbeelde illustreer hierdie verskille in die skriftelike voorstelling van Kaapse Afrikaans doeltreffend: die eerste voorbeeld is geneem uit *Son*, terwyl die tweede voorbeeld geneem is uit die rubriek "Sypaadjes" deur Nathan Trantraal (2016), waarin, naas kodewisseling, ook sekere fonologiese verskynsels (soos vokaalverhoging en die postvokaliëse r-weglating) wat tiperend is van Kaapse Afrikaans, skriftelik voorgestel word:

Son

"Die dogtertjie was op 6 weke gered op Durbanse Waterfront na sy glo verkoop was vir R100 volgens die cops.

Haar pa is in die mang en haar ouma dood en sy is deur Child Welfare in die toesig van die twee aangeklagtes (sic) geplaas.

Die welfare het vier maande gelede besoek afgelê by die dogtertjie se woning en daar was geen sigbare tekens van abuse nie." (*Son*, 24 November 2014, "3-jarige gemartel en doodgeslaan")

Nathan Trantraal

"Ôs praat nooit oo geld'ie, sy wiet ek hettie, en sy ken van nie hettie, isse race om te survive innie Kaap en sy het onlangs haa running shoes gekry, soe sy issie gepla met my wat daa kaalvoet sittie." (Trantraal 2016:15)

Die omgangsvorme wat in die nuusregisters van *Son* en *Sondag* voorkom, toon ook weinig onderskeidende kenmerke. Groepspeesifieke merkers is, relatief gesproke, min ingespan in die twee koerante. Die identifisering van groepspeesifieke merkers is ten beste maar 'n subjektiewe oefening, en nie sonder enige probleme nie. Om te bepaal watter leksikale items en uitdrukkings in die *Sondag*- en *Son*-korpus as identifiserend van 'n bepaalde sosiale groep beskou kan word, is daar gekyk na (i) die voorkomsvrekwensie van die leksikale item in die twee koerante, (ii) vorige studies oor soortgelyke omgangsvorme, en (iii) die etikettering van sodanige leksikale item as "nie algemeen" in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT), asook die plek waar dit opgeteken is (indien aangedui in die WAT).

Wat voorkomsvrekwensie betref, is baie min leksikale items frekvent in die poniekoerante gebruik. Die feit dat *Sondag* se aanlyn nuusblad ook nie meer beskikbaar was ten tye van die ondersoek nie, het beteken dat veronderstelde tipiese leksikale merkers wat in *Son* voorgekom het, nie vergelyk kon word (deur middel van 'n aanlyn soekfunksie) met die leksikale items wat in *Sondag* voorgekom het nie. Slegs die spreektaalmerkers wat in *Sondag* voorgekom het, kon vergelyk word met die leksikale items in *Son* deur gebruikmaking van die aanlyn soekfunksie wat beskikbaar is vir *Son* op die aanlyn nuusplatform *Newsbank* via die portaal *Access South Africa* (<http://infoweb.newsbank.com>).

Tweedens is die gebruik van vorige studies as basis om groepspeesifieke merkers te identifiseer, op sigself problematies. Daar is, sover vasgestel kon word, nog geen ondersoek gedoen na die (veronderstelde) omgangsvareïeteit van die wit Afrikaanse werkersklasspreker nie. Hierteenoor is daar heelwat sosiolinguistiese studies oor die streeksgebaseerde Kaapse Vernakulêre Afrikaans, met as dominante spreker die bruin werkersklasspreker in die Kaap (vgl. Klopper 1983; Kotzé 1984; Van Rensburg 1989; Coetzee 2005; Saal en Blignaut 2011; Hendricks 2012; Van der Rheede 2012; Blignaut 2014). In hierdie gemelde studies word leksikale merkers wat as tiperend van 'n bepaalde groep dialeksprekers beskou word, bespreek by wyse van kontrastering met die standaardvariëteit. Dit wil sê, om te bepaal watter omgangsvorme as tipies van 'n bepaalde groep dialeksprekers beskou kan word, word die omgangsvorm vergelyk met gebruiksvorme wat as algemeen gebruiklik beskou word. Hierdie kontrastering van omgangsvorme met algemeen gebruiklike gebruiksvorme gee egter geen aanduiding van die gebruiksvrekwensie van die omgangsvorm onder die betrokke dialeksprekers nie. Deur die voorkomsvrekwensie van omgangsvorme te bepaal aan die hand van frekwensie-ontledings kan die navorser 'n aanduiding verkry van die omvang en beduidendheid van die betrokke omgangsvorm onder dialeksprekers (vgl. Grebe 2010:202). Om groepspeesifieke merkers in hierdie ondersoek te bepaal, word daar naas die kontrastering van die omgangsvorm met algemeen gebruiklike gebruiksvorme, ook gebruik gemaak van frekwensie-ontledings om te bepaal hoe beduidend die voorkoms van die betrokke leksikale merker is. Nie net word die omgangsvorm gekontrasteer met algemeen gebruiklike gebruiksvorme nie, maar die omgangsvorme in *Sondag* word ook gekontrasteer met die omgangsvorme in *Son* wat, volgens die redakteurs, gerig is op verskillende teikengehore. 'n Frekwente voorkoms van 'n bepaalde omgangsvorm in *Son* wat afwesig (of beperk) is in

Sondag, kan, in samehang met die ander gemelde kriteria, 'n beter aanduiding gee van die groepsiesifieke aard van die leksikale merker.¹³

Laastens is die gebruik van die *WAT* as verwysingsbron om groepsiesifieke merkers te probeer identifiseer, ook problematies. Die beperkinge van die *WAT* hou verband met die feit dat sekere van die spreektaalitems (of hul betekenis) nog nie opgeneem is in die *WAT* nie, asook die feit dat sekere uitgawes van die *WAT* nog nie voltooi is nie.

Die identifisering van groepsiesifieke leksikale merkers in die twee koerante word verder gekompliseer deurdat die "opgevoerde" vernakulêre styl in *Sondag* gerig is op 'n geografies verbrede sosiale groep, wat inhou dat die leksikale items baie maklik in meerdere sosiale groepe gebruiklik kan wees. Gegee hierdie voorbehoude oor die identifisering van groepsiesifieke merkers, word hier tog gewaag om leksikale items te identifiseer in die poniekoerante wat as groepsiesifieke merkers gemerk kan word.

Die volgende leksikale merkers in *Son* kan (op basis van kontrastering, voorkomsvrekwensie, vergelyking met vorige studies, asook die *WAT*) meer geredelik geassosieer word met die bruin werkersklasspreker in die Kaap:

Tabel 10. Potensiele groepsiesifieke merkers in *Son*

Kategorie	Groepsiesifieke merkers
Nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems	"mang" (tronk), "jongens" (seuns), "hof loop" (in die hof verskyn), "tikkop" (tikverslaafde), "om te tik" (tik te gebruik)
Uitdrukkings	"sy ding doen" (geslagsgemeenskap hê), "vir 'n pop vat nie" (laat nie met jou mors nie), "sy kop haak uit" (raak mal), "gevriet getrek" (kwaad geraak)
Kodewisseling	"five bob" (vyftig sent)

Soos reeds genoem, is dit veel moeiliker om groepsiesifieke merkers te identifiseer by die sogenaamde wit werkersklasgroep, juis vanweë die geografiese verbreding van die betrokke sosiale groep. Op basis van 'n vergelyking met *Son*¹⁴ word die volgende leksikale items in *Sondag* voorgehou as waarskynlike leksikale merkers van die wit werkersklas:

Tabel 11. Potensiele groepsiesifieke merkers in *Sondag*

Kategorie	Groepsiesifieke merkers
Nie-algemeen gebruiklike spreektaalitems	"geldelik geroer" (ingeloo), "potkop" (daggaroker)
Uitdrukkings	"jou naam toffie maak" (naam weggooi), "haar koppie raas" (sy is mal)
Kodewisseling	"flooze" (flerrie)
Taboewoorde	"bosbefok"

Die problematiese en uiters subjektiewe identifisering van veral die beperkte groepsiesifieke merkers in *Sondag* laat vrae ontstaan in watter mate 'n geografies verbrede wit werkersklas inderdaad as afsonderlike "sosiale groep", met onderskeidende leksikale merkers,

geïdentifiseer kan word. Dit blyk uit die data dat daar weinig linguistiese regverdiging is vir die aanname dat die omgangsvorme in *Sondag* as onderskeidend of tiperend van die geografies verbrede wit werkersklas gesien kan word.

Uit die stilistiese ontleding word dit duidelik dat daar weinig groepspeesifieke merkers ingespan word in die twee korpusse, met die gevolg dat daar groter ooreenkomste waar te neem is tussen die omgangsvorme wat in die twee nuusregisters aangewend word. Die groepspeesifieke merkers kom eintlik net in die *Son*-korpus voor, en dan slegs in 'n beperkte mate. Blignaut en Lesch (2014:37) het ook bevind dat onderskeidende Kaapse leksikale merkers beperk voorkom in *Son*. Die verskille in die vernakulêre style van die twee poniekoerante is eerder geleë in die frekwensie en aard van die leksikale variasie. In *Sondag* word die vernakulêr meer gevarieerd uitgebeeld. In *Sondag* word byvoorbeeld uitroepsworde, direkte vertalings, taboeworde en byname ingespan wat óf nie in *Son* voorkom nie, óf 'n beperkte voorkoms het. In *Son* word egter 'n meer konserwatiewe spreektaalbenadering gevolg met sy onderaanbod van die wye spektrum leksikale en grammatikale variasie waaruit geput kan word. Hierdie onderaanbod in *Son* kan moontlik die gevolg wees van 'n poging om 'n groter Afrikaanse teiken gehoor te bereik, as daar in ag geneem word dat *Son* ook in dele van die Oos- en Noord-Kaap versprei word (vgl. Blignaut en Lesch 2014:38). In teenstelling met *Son* kom omgangsvorme in *Sondag* deurgaans frekwenter voor (met die uitsondering van kodewisseling). Dit beteken egter nie dat hierdie frekwensieverskille as aanduiders gesien kan word van die omgangstaal van die wit werkersklas nie; intendeel, dit is kenmerkend van Omgangsafrikaans in die algemeen.

Die oorheersende stylkenmerk in die twee poniekoerante is natuurlik die hoë mate van Engelse invloed. In al die stylkenmerke wat hier bo bespreek is (met die uitsondering van die uitroepsworde en Afrikaans-spesifieke spreektaalitems), kan die invloed van Engels, in 'n mindere of meerdere mate, teruggevind word. Hierdie vermenging van Afrikaans en Engels is nie beperk tot slegs een bepaalde sosiale groep of streek nie, maar is kenmerkend van vernakulêre Afrikaans wat oor die hele Afrikaanse taalgebied versprei is (vgl. Ponelis 1998:5,36; 2009:4). Daar is reeds gemeld dat daar geen wesenlike verskille waargeneem kan word tussen die "opgevoerde" vernakulêre style in die nuusregisters van die twee poniekoerante nie, en daarom kan die vernakulêre style beskryf word as 'n wydverbreide vernakulêre Afrikaans met beperkte onderskeidende leksikale merkers. Ponelis (1988:5) voer aan dat vernakulêre Afrikaans nie beperk is tot die werkersklas nie, maar dat dit ook voorkom onder die middel- en hoë klas, juis vanweë dié groep sprekers (d.i. die middel- en hoë klas) se gebruik van Engels as kultuurtaal en Afrikaans as omgangstaal.

Linguisties gesproke is daar min te kies tussen die omgangsvorme wat in die twee poniekoerante aangewend word, en kan die omgangsvorme in beide as verbrede omgangsvorme getipeer word. 'n Beduidende groep wit en bruin werkersklaslesers van *Sondag* en *Son* onderskeidelik ervaar egter die skriftelike voorstelling van die vernakulêr in die poniekoerante as tipies hoe hulle Afrikaans gebruik. Volgens Smith (2012:179) sien *Son*-lesers die taalgebruik in *Son* as soortgelyk aan die manier waarop hulle praat. Soos sommige respondente dit gestel het: "Ons praat soos dit daar is, dis nie suiwer nie" en "Die *Son* skryf soos die man op die straat."

Blignaut (2014:129, 134) het ook bevind dat Kaapssprekende tienerlesers die vernakulêre Afrikaans in *Son* beskou as 'n getroue weerspieëling van Kaaps, en dat hulle identifiseer met

die taalgebruik in *Son*, omdat die taalgebruik ooreenkomste toon met hulle spreektaalvariëteit (in hierdie geval 'n Kaapse Vernakulêre Afrikaans).

Wasserman (2010:128–31) het egter, na aanleiding van fokusgroeponderhoude wat hy gevoer het met die teikenlesers van *Son*, ook bevind dat sommige respondente die taalgebruik in *Son* beskou as soortgelyk aan die Afrikaans wat hulle praat. Ander lesers was egter weer meer skepties, en het die taalgebruik beskou as 'n gestigmatiseerde taalvorm, wat verantwoordelik is vir 'n daling in taalstandaarde. Soos een respondent dit gestel het: "This is how the skollies speak" (Wasserman 2010:129).

Uit 'n ontleding van die lesersbriewe in *Sondag*, asook die aanlyn kommentaar wat gevolg het op die sluiting van *Sondag*,¹⁵ is bevind dat die vernakulêre styl in *Sondag* ook deur sommige teikenlesers opgeëis word as die omgangsvariëteit van die wit Afrikaner, 'n taal waarmee wit Afrikaners kan identifiseer:

Ek voel wat julle en ander voel deur net die goed te lees! Dis kleurryk, verstaanbaar en een stelling druk soveel emosie uit dat jy dadelik die uitdrukking vang en kan vereenselwig met die gevoel wat uitgedruk word. [...] Julle try nie soos ander koerante die hoë Afrikaanse woorde gebruik, en as jy die berig klaar gelees het verstaan jy eintlik nog boggherol wat aangaan nie. Straightforward, soos alledaagse Afrikaners sal praat, so praat julle. En ek like dit kwaai. [...] Wat ek ook like van *Sondag*, is dis so op die man af sonder doekies omdraai [...] want dis hoe ek ook praat en is. [...] So, julle is nie agterbaks of platvloers nie. Julle is gewone mense wat nie bang is om die ding te sê, wys of noem soos dit in werklikheid is nie. [...] Eg Afrikaans. (Stephan 2012)

Verskeie *Sondag*-lesers identifiseer met die vernakulêre styl in *Sondag* juis vanweë die direktheid van die taalgebruik (wat groter verstaanbaarheid in die hand werk), asook die humoristiese en beeldende aard van die taalgebruik. In die woorde van die lesers:

Sondag skop gat! Platvloers – YES, dis hoe ons dit like! Verstaanbare huistaal. Ek koop twee *Sondag*'s – lees een en bederf my familie met die ander! (D.P.M. 2012)

Ai, ek hou van julle koerant. [...] Ek lees hom van voor tot agter. [...] Doen so voort, ek lag tog te lekker oor die mense se woordkeuses en maniere! (Hilde 2013)

Ai, SONDAG, ek is 'n ou tante, maar ek geniet die koerant uit 'n bos. Al die verskillende sêgoed van die mense. (Du Plooy 2013)

Dis baie jammer wie gaan nou die nuus so kaalvuis vertel ... (Engelbrecht 2013)

Dankie vir jul bydraes om altyd iets in Afrikaans te sê soos dit is ... (Smith 2013)

Die verbrede omgangsvorme wat die nuusregisters van *Son* en *Sondag* kenmerk, blyk redelik byval te vind onder sowel die wit as die Kaapse bruin werkersklasleser. Vir beide hierdie teikenlesers verteenwoordig hierdie omgangsvorme hulle tipe informele spreektaal, en word hierdie omgangsvorme dan ook deur sommige teikenlesers opgeëis as hul "eie".

Die verbrede omgangsvorme kom egter in die nuusberigte met wisselende frekwensie voor. In sommige nuusberigte is omgangsvorme bykans afwesig. In die volgende afdeling word ingegaan op die rol wat die aard van die onderwerp kan speel in die aanwending van omgangsvorme in nuusberigte.

4. Omgangsvorme en die nuusonderwerp

Soos reeds genoem, is poniekoerante bekend daarvoor dat hulle 'n vernakulêre styl aanwend in hul berigte, wat ten doel het om 'n groter solidariteit tussen die koerant en die leser te bewerkstellig. Die keuse vir 'n vernakulêre styl word primêr bepaal deur die teikengehoor. Dit impliseer egter nie dat omgangsvorme in poniekoerante konsekwent aangewend word nie. Volgens Labov (1970:19–28) se "attention to speech"-model kan stilaanpassings ook die gevolg wees van die aandag wat die spreker aan sy of haar taalgebruik gee: hoe formeler die situasie, hoe meer aandag gee die spreker aan sy of haar taalgebruik. Volgens Labov (1970:19) is die onderwerp een van die dimensies wat stilaanpassings bepaal. Dit sou dan beteken dat nuusonderwerpe wat as stilisties formeel gesien word, minder omgangsvorme sal insluit, en meer aansluit by die standaardtaalregister. Die vraag is natuurlik of daar nuusonderwerpe is wat as meer formeel gesien word, en of hierdie nuusonderwerpe dan die gebruik van 'n standaardtaalregister bepaal. Om te bepaal of die nuusonderwerp 'n invloed uitoefen op die gebruik van omgangsvorme, is die volgende twee groepe nuusberigte met mekaar vergelyk: nuusberigte met 'n frekwensie van hoogstens een omgangsvorm per 100 woorde, teenoor nuusberigte waar die frekwensie meer as een omgangsvorm per 100 woorde is.

In *Sondag* is 36 berigte (uit 'n totaal van 152 berigte) geïdentifiseer waar die frekwensie van die omgangsvorm minder as een per 100 woorde was – d.w.s. 24% van die totale aantal nuusberigte neig in die rigting van 'n standaardtaalregister. In *Son* was daar 41 nuusberigte (uit 'n totaal van 100 berigte) met 'n frekwensie van minder as een omgangsvorm per 100 woorde – d.w.s. 41% van die berigte neig in die rigting van 'n standaardtaalregister.

Uit 'n ontleding van die nuusberigte in *Sondag* blyk dit dat die volgende tipes nuusberigte neig om minder gebruik te maak van omgangsvorme, met die gevolg dat 'n meer formele nuusregister (d.i. 'n standaardtaalregister) waarneembaar is in hierdie tipes berigte:

(i) nuusberigte wat uitsluitlik gebaseer is op ander nuusbronne, soos die nuusagentskappe Associated Press of SAPA, byvoorbeeld die berig oor die Suid-Afrikaanse man in Nieu-Seeland wat nie sy visum kon hernu nie omdat hy as oorgewig beskou is

(ii) nuusberigte wat grootliks die standpunt of siening verwoord van organisasies (soos die Child Abuse Action Group of Afriforum), en instansies of mense in hul professionele hoedanigheid (soos die woordvoerder van die polisie) oor 'n bepaalde aktuele saak

(iii) nuusberigte met 'n opvoedkundige strekking, byvoorbeeld hoe korrektiewe toesig werk (na aanleiding van 'n berig oor Cezanne Visser, wat onder huisarres geplaas is), of hoe om 'n onderhoudsbevel te kry (na aanleiding van die berig oor die akteur Marlon Roelfze wat nie onderhoud sou betaal het nie)

(iv) nuusberigte met religieuse ondertone, byvoorbeeld die voormalige woordvoerder van die Keniaanse regbank wat Israel en Italië dagvaar oor die kruisiging van Jesus

(v) nuusberigte wat handel oor sensitiewe onderwerpe soos dood, moord en lewensbedreigende siektes, byvoorbeeld die storie oor die dood van 'n gestremde 17-jarige kind by die Cullinanse sorg- en rehabilitasiesentrum, die storie oor die sluipmoordaanval op James Krejcir, of die storie oor Jimmy Abbot wat aansterk ná 'n beroerte.

In *Son* blyk die tendens ook te wees dat nuusberigte wat oorgeneem is uit ander nuusbronne, of wat grootliks gebaseer is op die standpunt van 'n politieke party, organisasie of woordvoerder in sy of haar professionele hoedanigheid, beperkte omgangsvorme gebruik. Nuusberigte met 'n opvoedkundige of adviserende strekking neig ook om die standaardtaalregister aan te wend, byvoorbeeld die storie oor hoe beurtkrag matrieks kan affekteer wat van openbare vervoer gebruik maak om skool toe te gaan. In *Son* was dit opvallend dat die standaardtaalregister vir 'n wye spektrum van nuusonderwerpe gebruik word. Nuustemas waarin gebruik gemaak word van 'n standaardtaalregister, het die volgende ingesluit:

- stories oor dood, motorongelukke en dronkbestuur
- stories oor geweldsmisdade soos moord, roof, aanranding, molestering, vrouemishandeling, verkragting
- stories oor bejaardes se haglelike lewensomstandighede
- godsdienstverwante stories
- stories oor hofsake
- stories oor die petrolprys
- stories oor 'n nudistedorp
- positiewe nuusstories uit die gemeenskap

In *Son* was dit opvallend dat die omgangsvorm by sommige van die bogenoemde nuusberigte beperk was tot die opskrif, byvoorbeeld: "80-jarige man in hof vir rape van 3-jarige meisie". Die gebruik van omgangsvorme slegs in die opskrif (terwyl die res van die berig in die standaardtaalregister geskryf is) dien nie net om die leser se aandag te trek nie, maar versterk ook die aanname dat die koerant die leser se taal "praat", en verhul in 'n sekere mate die feit dat die res van die berig eintlik in standaardtaal geskryf is.

Dit was opvallend uit 'n vergelyking van nuusberigte in *Son* wat van beperkte omgangsvorme gebruik maak (frekwensie van een woord en minder per 100 woorde) met nuusberigte waar omgangsvorme frekwenter voorkom (frekwensie van meer as een omgangsvorm per 100 woorde) dat dieselfde nuusonderwerp by tye in 'n standaardtaalregister, en dan weer ander kere in 'n meer vernakulêre styl aangebied word. In *Son* word stories oor byvoorbeeld dood, motorongelukke, geweldsmisdade en hofsake ook gereeld aangebied in 'n meer vernakulêre styl; d.w.s. omgangsvorme kom frekwenter voor in beide die berig- en sitaatgedeeltes van die stories. Die feit dat dieselfde nuustemas beide van 'n standaardtaalregister en 'n meer vernakulêre styl gebruik maak, maak dit onmoontlik om enige patroonmatigheid af te lei vir die gebruik van die standaardtaalregister by bepaalde nuustemas. In *Son* blyk dit dat die nuusonderwerp nie 'n bepalende invloed uitoefen op die gebruik van die standaardtaalregister nie. Dit blyk in *Son* dat *wie* die berig skryf 'n groter rol speel in die gebruik (al dan nie) van die standaardtaalregister. Sommige joernaliste neig meer na 'n standaardregister in hul beriggewing, terwyl ander weer 'n meer vernakulêre aanslag volg in hul berigte, ongeag die

nuusonderwerp ter sprake. Hierdie naasmekaarstelling van 'n standaardtaalregister en 'n meer bepaald omgangstaalregister vir soortgelyke nuustemas is vanuit 'n sosiolinguistiese perspektief betekenisvol: dit kan 'n verhoogde legitieme status inhou vir die omgangstaal as skryftaalkode, deurdat hier geïllustreer word dat "ernstige" nuus aangebied kan word in beide die standaardtaal en 'n meer vernakulêre styl, sonder om die waarheidswaarde van die nuus in te boet. In die woorde van 'n leser wat alreeds hier bo aangehaal is:

Julle praat my taal. Ek voel wat julle en ander voel deur net die goed te lees! Dis kleurrik, verstaanbaar en een stelling druk soveel emosie uit dat jy dadelik die uitdrukking vang en kan vereenselwig met die gevoel wat uitgedruk word *en nog steeds is die nuus waar en hou mens op hoogte van wat in ons land aangaan soos enige ander koerant doen.* (Stephan 2012) (My kursivering)

Uit bostaande ontledings van die nuusberigte in *Son* en *Sondag* kan daar afgelei word dat die nuusonderwerp slegs in 'n uiters beperkte mate (en slegs in die geval van *Sondag*) 'n invloed uitoefen op stylvariasie. Die vernakulêre styl wat in die nuusberigte van *Son* en *Sondag* voorkom, is eerder ontvanger-afhanklik as onderwerp-afhanklik. Rickford en McNair-Knox (1994:266) het ook bevind dat stylanpassings wat die gevolg is van onderwerpwisseling, swakker is as stylvariasies wat gerig word deur die ontvanger.

5. Ten slotte

In hierdie studie is die nuusregisters van *Sondag* en *Son* – wat onderskeidelik op 'n oorwegend wit en 'n Kaapse bruin werkersklasgehoor gerig is – vergelykend ondersoek om te bepaal watter omgangstaalkenmerke in die twee nuusregisters teruggevind kan word. Daar is nie net vergelykend te werk gegaan nie, maar 'n korpuslinguistiese benadering is ook gevolg. Uit die vergelykende korpuslinguistiese ondersoek na die omgangsvorme in die twee nuusregisters van *Son* en *Sondag* het die volgende geblyk:

- Daar is min te kies tussen die vernakulêre style soos uitgebeeld in die nuusberigte van *Son* en *Sondag*. In beide die koerante was die frekwentste stylkenmerke *kodewisseling* en *Afrikaans-spesifieke spreektaalitems*. Die vernakulêre style wat uitgebeeld word in die twee poniekoerante kan beskryf word as 'n verbrede omgangsvariëteit met beperkte groepsesifieke merkers. Die voorkoms van beperkte groepsesifieke merkers is hoofsaaklik beperk tot *Son*, wat selektief put uit die leksikale variasie wat voorkom in die streeksvariëteit Kaapse Vernakulêre Afrikaans.
- Die omgangsvorme in *Son* en *Sondag* was hoofsaaklik beperk tot leksikale variasie. Dit is veral betekenisvol dat *Son*, wat gerig is op die Kaapse bruin werkersklasleser, weinig gebruik maak van fonologiese, morfologiese en sintaktiese variasie wat veral kenmerkend is van Kaapse Vernakulêre Afrikaans. Die selektiewe benutting van veral tipiese leksikale merkers in *Son* kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die koerant nie meer gerig is op slegs 'n oorwegend bruin teikengehoor in die Wes-Kaap nie, maar ook oorwegend bruin teikengehoore in die Oos-Kaap en dele van die Noord-Kaap moet bedien. Die frekwentste stylkenmerk in *Son* is *kodewisseling*, wat twee keer meer aangewend word as in *Sondag*. Hierdie klem op *kodewisseling* het tot gevolg dat daar weinig direkte vertalings voorkom in *Son*; voorkeur word eerder gegee aan die direkte orname van 'n Engelse leksikale item of uitdrukking. In

teenstelling met *Son* was daar by *Sondag* 'n doelbewuste poging om sekere leksikale items en uitdrukkings in 'n Afrikaanse idioom voor te dra by wyse van direkte vertalings. Hierdie direkte vertalings dra daartoe by dat die berig 'n groter Afrikaanse karakter verkry, en sodoende word die teikengehoor nie vervreem met 'n te hoë digtheid van Afrikaans-Engelse kodevermenging nie. Op dieselfde wyse kan geargumenteer word dat die doelbewuste laer frekwensies van kodewisseling in *Son* en *Sondag*, vergeleke met die hoër frekwensies van kodewisseling in die spreektaal (sien die bespreking in 3.1.3), juis ten doel het dat die skriftelike voorstelling van die vernakulêr nie as patroniserend, bedreigend of kunsmatig ervaar sal word nie (vgl. Giles en Smith 1979:54).

- Die nuusregisters in *Son* en *Sondag* bevat 'n beduidende aantal spreektaalitems en -uitdrukkings wat nie aan Engels ontleen is nie (vgl. afdelings 3.3 en 3.8 hier bo). Dit is op sigself betekenisvol, want dit kan as aanduiding dien van die lewenskragtigheid, soepelheid en skeppingskrag van vernakulêre Afrikaans. Die persepsie is baie keer dat vernakulêre Afrikaans niks anders is as 'n "gebrekkige halftaal" wat homself nie teen Engels sal kan handhaaf nie (vgl. Malan 2003). Die benutting van vernakulêre Afrikaans in die skryftaal ontlok baie keer uitsprake oor die "baie Engels" wat daarin voorkom (vgl. Adendorff 2008:261). Die gemerktheid van Engelse leksikale items in skriftelike gebruik dra daartoe by om die illusie van oordad te skep. 'n Frekwensie-ontleding het byvoorbeeld getoon dat die frekwensie van die totale Engelse leksikale items en uitdrukkings (insluitend direkte oornames en direkte vertalings) in die *Son*-korpus slegs 14,2 items per 1 000 woorde was, terwyl dit in die *Sondag*-korpus ietwat laer was op 10,8 items per 1 000 woorde. Die vernakulêre style soos uitgebeeld in die twee Afrikaanse poniekoerante is nie – soos daar baie keer aangevoer word – slegs 'n verlengstuk van Engels nie, maar het nog die vermoë om met oorspronklike Afrikaanse skeppings vorendag te kom en Afrikaans op dié wyse te voed en te laat groei.
- In *Son* word die (formele) standaardtaalregister frekwenter aangewend as in *Sondag*, maar hierdie stylaanpassing blyk nie tema-afhanklik te wees nie. Die nuusonderwerp by *Son* blyk weinig invloed te hê op stylaanpassings, terwyl dit voorkom dat die gebruik (al dan nie) van die standaardtaalregister grootliks bepaal word deur *wie* die storie skryf, eerder as deur die aard van die nuusonderwerp.
- Die "opgevoerde" vernakulêre style in *Son* en *Sondag* word deur 'n beduidende groep lesers as positief ervaar. As sodanig bevestig dit die waarde en nut van die omgangstaal as skryftaalkode, en kan dit ook 'n verhoogde legitieme status inhou vir die omgangstaal in meer saaklike skryffunksies. Die skriftelike voorstelling van omgangsvorme verleen nie net groter erkenning aan die bestaan van omgangsvariëteite in die Afrikaanse taalgemeenskap nie, maar kan ook, soos Hendricks (2014:740) dit stel, dien "as potensiële voedingsbron vir Standaardafrikaans". Die vernakulêre aanslag in poniekoerante blyk ook 'n invloed te hê op hoofstroomkoerante. Daar is byvoorbeeld alreeds tekens van informalisering waar te neem by hoofstroomkoerante soos *Rapport* en *Beeld*, soos byvoorbeeld die sporadiese gebruik van 'n meer verpersoonlikte omgangstaal (vgl. Smith e.a. 2012:228).

In hierdie studie is gepoog om die skriftelike voorstelling van die vernakulêr in poniekoerante, wat nog maar weinig aandag gekry het in ondersoeke, te ondersoek by wyse van 'n vergelykende korpuslinguistiese benadering. Hierdie studie illustreer wat die waarde van 'n vergelykende ondersoek kan wees, asook watter waarde frekwensie-ontledings kan

toevoeg tot die (her)bestudering van die omgangsvariëteite van Afrikaans. Vergelykende ondersoeke kan beter insae bied in die migrasie van linguistiese verskynsels in die Afrikaanse spreektaalgemeenskap, terwyl 'n korpuslinguistiese aanslag kan help om die omvang en beduidendheid van bepaalde spreektaalmerkers te bepaal. Daar bestaan nog maar weinig sosiolinguistiese ondersoeke met 'n korpuslinguistiese inslag na die omgangsvariëteite van Afrikaans.

Die ondersoek was beperk tot slegs die nuusregisters in *Son* en *Sondag*, maar verdere vergelykende studies oor die omgangsvorme wat voorkom in die ander registers in die poniekoerante (soos die sportregisters en vermaakregisters) kan waardevolle insigte bied wat betref die verskrifteliking van die omgangsvariëteite van Afrikaans.

Bibliografie

Adendorff, E. 2008. Tendense in die resepsiedokumente oor *Daar's vis in die punch* deur Jackie Nagtegaal. *Stilet*, 20(2):256–77.

Appel, R. en P. Muysken. 1987. *Language contact and bilingualism*. Londen: Edward Arnold.

Bell, A. 2010. Back in style: Reworking audience design. In Meyerhoff en Schlee (reds.) 2010.

Bell, A. en A. Gibson. 2011. Staging language: An introduction to the sociolinguistics of performance. *Journal of Sociolinguistics*, 15(5):555–72.

Biber, D. en E. Finegan (reds.). 1994. *Sociolinguistic perspectives on register*. Oxford, New York: Oxford University Press.

Blignaut, J. 2014. 'n Ondersoek na die taalgebruik in *Son* as verteenwoordigend van Kaapse Afrikaans. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Blignaut, J. en H. Lesch. 2014. 'n Ondersoek na die taalgebruik in *Son* as verteenwoordigend van Kaaps. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 45:19–41.

Bock, Z. en G. Mheta (reds.). 2014. *Language, society and communication: An introduction*. Pretoria: Van Schaik.

Botha, M. 2009. Die geelpers in Suid-Afrika: 'n Analise van die *Kaapse Son*, *Daily Voice* en *Daily Sun*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica.

Bruwer, P. 2013. *Sondag* maak sy deure toe. *Maroela Media*, 22 Oktober.
<http://maroelamedia.co.za/nuus/sondag-maak-sy-deure-toe> (20 Maart 2015 geraadpleeg).

- Cambridge English Dictionary. 2016. www.dictionary.cambridge.org (14 Maart 2016 geraadpleeg).
- Capraro, I. 2005. Liewe Leser. *Die Burger*, 18 Maart, bl. 1. <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2005/03/18/KS/01/01.html> (10 Mei 2015 geraadpleeg).
- Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Vyfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2014. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Claassen, G.N. en M.C.J. van Rensburg (reds.). 1983. *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Coetzee, A. 2005. Dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(1):35–50.
- Conboy, M. 2006. *Tabloid Britain: Constructing a community through language*. Londen, New York: Routledge.
- Coupland, N. 2007. *Style: Language variation and identity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Coupland, N., J. Coupland, H. Giles en K. Henwood. 1988. Accommodating the elderly: Invoking and extending a theory. *Language in Society*, 17(1):1–41.
- De Wet, J.P. 1997. Afrikaans: 'n Ideologiese besinning in 'n multilinguistiese Suid-Afrikaanse bestel. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- D.P.M. 2012. *Sondag* en die hond se tert. *Sondag*, 10 September. <http://www.sondag.co.za> (30 September 2013 geraadpleeg).
- Du Plooy, J. 2013. Lesers oor die Bulle, FPK en ons lekker koerant. *Sondag*, 9 September. <http://www.sondag.co.za> (30 September 2013 geraadpleeg).
- Engelbrecht, J. 2013. *Sondag* maak sy deure toe. Aanlyn kommentaar, 22 Oktober. <http://maroelamedia.co.za/nuus/sondag-maak-sy-deure-toe> (20 Maart 2015 geraadpleeg).
- Fahnestock, J. 2011. *Rhetorical style: The uses of language in persuasion*. Oxford, New York: Oxford University Press.
- Ferguson, C.A. 1994. Dialect, register, and genre: Working assumptions about conventionalization. In Biber en Finegan (reds.) 1994.
- Finegan, E. en D. Biber. 1994. Register and social dialect variation: An integrated approach. In Biber en Finegan (reds.) 1994.

- Gallois, C., T. Ogay en H. Giles. 2005. Communication accommodation theory: A look back and a look ahead. In Gudykunst (red.) 2005.
- Giles, H. en P. Smith. 1979. Accommodation theory: Optimal levels of convergence. In Giles en St. Clair (reds.) 1979.
- Giles, H. en R.N. St. Clair (reds.). 1979. *Language and social psychology*. Oxford: Basil Blackwell.
- Grebe, H. 2010. Die Oosgrenshipotese as geografiese en teoretiese konstruk. *LitNet Akademies*, 7(3):195–211.
http://www.oulitnet.co.za/akademies_geestes/pdf/LA_7_3_grebe.pdf (18 Mei 2015 geraadpleeg).
- Gudykunst, W.B. (red.). 2005. *Theorizing about intercultural communication*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Halliday, M.A.K. 2007. *Language and education*. Londen, New York: Continuum.
- HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2015. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Hendricks, F. 2012. Om die miskende te laat ken: 'n blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1):95–114.
- . 2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies*, 11(2):715–48. <http://www.litnet.co.za/die-verrekening-van-taalvariasie-in-die-prosawerk-van-elias-p-nel> (22 November 2016 geraadpleeg).
- Heugh, K. 2014. Language contact and languaging. In Bock en Mheta (reds.) 2014.
- Hilde. 2013. Lesers oor die Bulle, FPK en ons lekker koerant. *Sondag*, 9 September. <http://www.sondag.co.za> (30 September 2013 geraadpleeg).
- Holmes, J. 1992. *An introduction to sociolinguistics*. Londen, New York: Longman.
- Jason, E. 2015. Afrikaans se ander baadjie. Johan Combrink-gedenklesing. LitNet. <http://www.litnet.co.za/Article/johan-combrink-gedenklesing-eldridge-jason-oor-afrikaans-se-ander-baadjie> (10 Junie 2015 geraadpleeg).
- Jonsson, C. 2012. Making silenced voices heard. Code-switching in multilingual literary texts in Sweden. In Sebba e.a. (reds.) 2012.
- Klopper, R.M. 1983. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. In Claassen en Van Rensburg (reds.) 1983.
- Kotzé, E.F. 1984. Afrikaans in die Maleierbuurt: 'n Diachroniese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(1):41–73.

—. 2014. Afrikaans as besitting, en die vraagstuk van herstandaardisering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):635–55.

Labov, W. 1970. *The study of nonstandard English*. Champaign, IL: National Council of Teachers of English.

Mahootian, S. 2012. Repertoires and resources. Accounting for code-mixing in the media. In Sebba e.a. (reds.) 2012.

Malan, L. 2003. Is Engfrikaans en Jipfrikaans 'n bedreiging vir Afrikaans as kultuurtaal? LitNet. <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/lmalan.asp> (19 Maart 2014 geraadpleeg).

McCormick, K. 1995. Code-switching, code-mixing and convergence in Cape Town. In Mesthrie (red.) 1995.

McLachlan, T. 2013. Moet 'n mens Engels ken om Afrikaans te verstaan? Blog. <http://www.fak.org.za/blog/moet-n-mens-engels-ken-om-afrikaans-te-verstaan> (16 Augustus 2013 geraadpleeg).

Mesthrie, R. (red.). 1995. *Language and social history*. Kaapstad: David Philip Publishers.

Meyerhoff, M. 2011. *Introducing sociolinguistics*. Tweede uitgawe. Londen, New York: Routledge.

Meyerhoff, M. en E. Schlee (reds.). 2010. *The Routledge sociolinguistics reader*. Londen, New York: Routledge.

Montes-Alcalá, C. 2012. Code-switching in US-Latino novels. In Sebba e.a. (reds.) 2012.

Myers-Scotton, C. 1992. Constructing the frame in intrasentential codeswitching. *Multilingua*, 11(1):101–27.

—. 1993. *Duelling languages: Grammatical structure in codeswitching*. Oxford: Clarendon Press.

Odendaal, G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Otto, A. 2014. Sosiolinguistiek. In Carstens en Bosman (reds.) 2014.

Pharos. 2015. *Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Woordeboek/Dictionary*. Kaapstad: Pharos.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.

—. 1998. Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie. Universiteit Stellenbosch, *Annale* 1998(1):1–80.

- . 2009. Die taal wat ons praat. *Die Burger*, 19 Desember, ble. 4–5.
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/12/19/BJ/14/BJNews004-dddd-BY-BY.html> (9 April 2014 geraadpleeg).
- Prah, K.K. (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Boekreeks, nr. 88. Kaapstad: CASAS.
- Prinsloo, A.F. 2012. *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.
- Rickford, J.R. en F. McNair-Knox. 1994. Addressee- and topic-influenced style shift: A quantitative sociolinguistic study. In Biber en Finegan (reds.) 1994.
- Romaine, S. 2000. *Language in society: An introduction to sociolinguistics*. Tweede uitgawe. Oxford, New York: Oxford University Press.
- Saal, E.O. en J. Bignaut. 2011. "Moetie rai gammattaal gebrykie": Die gebruik en waarde van 'n Tienerskaaps in gedrukte advertensies. *LitNet Akademies*, 8(3):345–71.
http://www.litnet.co.za/assets/pdf/13_Saal%20en%20Bignaut.pdf (5 Mei 2014 geraadpleeg).
- Sebba, M., S. Mahootian en C. Jonsson (reds.). 2012. *Language mixing and code-switching in writing*. Londen, New York: Routledge.
- Smith, A., L. Fourie en J.D. Froneman. 2012. Setting the tabloid agenda: What two Afrikaans-language tabloids offer their readers. *Communicatio*, 38(2):225-43.
- Smith, A.E. 2012. Acknowledging the audience: The readers behind the success of the Afrikaans-language tabloid *Kaapse Son*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.
- Smith, F.J. 2013. *Sondag* maak sy deure toe. Aanlyn kommentaar, 22 Oktober.
<http://maroelamedia.co.za/nuus/sondag-maak-sy-deure-toe> (20 Maart 2015 geraadpleeg).
- Son*. 4 November 2014. <http://www.son.co.za/nuus> (3 Desember 2014 geraadpleeg).
- . 11 November 2014. <http://www.son.co.za/nuus> (3 Desember 2014 geraadpleeg).
- . 18 November 2014. <http://www.son.co.za/nuus> (4 Desember 2014 geraadpleeg).
- . 25 November 2014. <http://www.son.co.za/nuus> (4 Desember 2014 geraadpleeg).
- . 2 Desember 2014. <http://www.son.co.za/nuus> (9 Desember 2014 geraadpleeg).
- Sondag*. 28 Julie 2013, ble. 1–17.
- . 4 Augustus 2013, ble. 1–15.
- . 11 Augustus 2013, ble. 1–13.
- . 18 Augustus 2013, ble. 1–17.

—. 25 Augustus 2013, ble. 1–16.

Stephan. 2012. *Sondag* en die Bokke. *Sondag*, 24 September. <http://www.sondag.co.za> (30 September 2013 geraadpleeg).

Stockwell, P. 2007. *Sociolinguistics: A resource book for students*. Tweede uitgawe. Londen, New York: Routledge.

The Free Dictionary. 2016. www.thefreedictionary.com (14 Maart 2016 geraadpleeg).

Trantraal, N. 2016. Ammel dra expressions van mense wie mekaa haat. *Rapport Weekliks*, 21 Februarie, bl. 15.

Urban Dictionary. 2016. www.urbandictionary.com (14 Maart 2016 geraadpleeg).

Van der Rheede, C. 2012. Die rol van die Afrikaanse poniekoerant die *Son* in die belyning van geografiese variëteite van Afrikaans met die hoofstroom. In Prah (red.) 2012.

Van Huyssteen, G.B. 2014. Morfologie. In Carstens en Bosman (reds.) 2014.

Van Niekerk, A. en J. Olivier. 2014. Pragmatiek. In Carstens en Bosman (reds.) 2014.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In Botha (red.) 1989.

Wasserman, H. 2010. *Tabloid journalism in South Africa*. Bloomington: Indiana University Press.

Webb, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. In Botha (red.) 1989.

Eindnotas

¹ *LSM (Living Standards Measure)* verwys hier na 'n kriterium wat gebruik word "om mense se lewenstandaard te meet in terme van verstedeliking, inkomste en besittings" (De Beer 1998:335, aangehaal in Botha 2009:43), met 1 wat die laagste inkomstegroep verteenwoordig, en 10 wat die hoogste inkomstegroep verteenwoordig.

² In 2005 het die *Daily Voice* ook die poniekoerantmark betree vanuit die Independent Newspapers-stal. Die *Daily Voice*, wat in die Wes- en Suid-Kaap versprei word en op die tweetalige bruin leser gemik is, is egter nie 'n eksklusief Afrikaanse poniekoerant nie, maar het 'n tweetalige aanbod, met berigte wat in Engels en Afrikaans aangebied word. Vir die doeleindes van hierdie studie word hier slegs gefokus op die twee eksklusief Afrikaanse poniekoerante *Son* en *Sondag*.

³ Volgens Halliday (2007:30; 298–9) kan registervariasie bepaal word deur die volgende drie dimensies: (i) onderwerp ("field"), wat te make het met die onderwerp of aktiwiteit ("subject matter"); (ii) interpersoonlike verhoudings("tenor"), wat dui op die sosiale verhoudings tussen die deelnemers; en (iii) medium ("mode"), wat verwys na die kommunikasiekanaal (onder meer geskrewe en gesproke kommunikasie). Volgens hierdie omskrywing van *register*

kan, na gelang van die onderwerp, byvoorbeeld in poniekoerante onderskei word tussen 'n nuusregister, sportregister en vermaakregister. Daar kan verder ook onderskei word tussen 'n geskrewe en gesproke register, by implikasie dus ook tussen 'n omgangstaal- en standaardtaalregister. Daar is nie altyd eenstemmigheid in variasiestudies oor die gebruik van die terme *register* en *styl* nie, wat baie keer tot verwarring lei. Sommige sosiolinguïste handhaaf nie meer die onderskeid nie en gebruik die terme as wissel terme (vgl. Holmes 1992:276; Ferguson 1994:16). Vir die doeleindes van hierdie studie word daar onderskei tussen die verwante terme *register* en *styl*. Alhoewel *styl* as onafhanklik van *register* gesien kan word, kan stilistiese variasie ook binne 'n bepaalde register voorkom, en kan daar dus verwys word na onder andere 'n informele en formele register (vgl. Ponelis 1998:9; Stockwell 2007:10).

⁴ Sinsinterne kodewisseling word ook na verwys as *kodevermenging* (vgl. Appel en Muysken 1987:121; McCormick 1995:195).

⁵ By die aanlyn *Son*-uitgawes (www.son.co.za) waar bladsynommers nie aangetref word nie, word die opskrif van die berig as verwysingsgegewe verskaf.

⁶ Myers-Scotton (1992:112) onderskei tussen *inhoudsmorfeme* en *sisteemmorfeme*. Inhoudsmorfeme sluit in naamwoorde, werkwoorde, beskrywende adjektiewe, voorsetsels en nieklitiese voornaamwoorde. Sisteemmorfeme sluit onder meer in kwantifiseerders, koppelwerkwoorde, determineerders en gebonde morfeme wat tyd en aspek aandui.

⁷ Die term *individuele wisseling* verwys hier na die aantal kere wat daar na Engels gewissel word. By die berekening is meerwoordige wisselings wat bestaan uit twee of meer opeenvolgende leksikale items wat 'n begripseenheid vorm (soos *white picket fences*), as een individuele wisseling getel.

⁸ Om te bepaal watter verafrikaanste leksikale items as spreektaal beskou kan word, is die *HAT* (2015) as basis gebruik: verafrikaanste leksikale items wat met die etiket "uit Engels" en "informeel" of "sleng" gemerk is in die *HAT*, asook daardie verafrikaanste leksikale items wat nie gelemmatiseer is in die *HAT* nie, is ingesluit in die data-ontleding.

⁹ Om te bepaal watter verafrikaanste leksikale items as spreektaal beskou kan word, is die *HAT* (2015) as basis gebruik: verafrikaanste leksikale items wat met die etiket "uit Engels" en "informeel" of "sleng" gemerk is in die *HAT*, asook daardie verafrikaanste leksikale items wat nie gelemmatiseer is in die *HAT* nie, is ingesluit in die data-ontleding.

Die beskouing in hierdie studie is dat direkte vertalings (oftewel anglisismes) nie as negatief bejeën behoort te word nie, maar eerder gesien behoort te word as 'n onvermydelike deel van die ontwikkeling en groei van die vernakulêr, weens die noue wisselwerking tussen Afrikaans en Engels in die informele domein (vgl. Odendaal 2012:195).

¹⁰ By lesersbriewe waar die skrywer gebruik maak van 'n skuilnaam (bv. Mooi praat) word die skuilnaam in die bibliografiese gegewens gemeld as skrywersverwysing. By die lesersbriewe in poniekoerante is die gebruik ook om die lesers se bydraes tematies te groepeer onder bepaalde opskrifte; byvoorbeeld: 'n opskrif soos "Sondag en die hond se tert" (*Sondag*, 10 September 2012) sluit meerdere leserbydraes in. Dis hierdie tematiese opskrifte wat as verwysingsgegewe gebruik word vir die titel van die lesersbydrae.

¹¹ By sommige inkortings (soos *info*) was dit nie altyd duidelik of die grondwoord Engels of Afrikaans is nie. In sulke gevalle, waar dit nie duidelik was nie, is die ingekorte vorm (in

sinsverband) aan 'n klein groepie Afrikaanse respondente gegee, wat dan die sinne hardop moes lees. Indien die uitspraak van die inkorting 'n Engelse klankpatroon gevolg het, is die inkorting dienooreenkomstig geklassifiseer. Die inkorting *porno* is byvoorbeeld op hierdie wyse geklassifiseer as een wat verkort is uit die Afrikaanse grondwoord *pornografie*.

¹² Die woord *gelem* (gesteek) wat in die *HAT* (2015) gelemmatiseer is, en nié as "informeel" gemerk is nie, het veral frekwent voorgekom in die *Son*-korpus; byvoorbeeld: "Mentoor het ook ontken dat hy die meisie gelem het" (*Son*, 4 November 2014, "Obsessed oupa is skuldig"). Alhoewel die woord (*ge*)*lem* in sekere studies oor Kaaps (vgl. Bignaut en Lesch 2014:33; Van der Rheede 2012:119) as 'n tipiese Kaapse Afrikaanse merker geïdentifiseer word, word dit nie in hierdie studie as sodanig beskou nie, omdat die woord in die *HAT* gelemmatiseer is as 'n Standaardafrikaanse leksikale item.

¹³ Die gebruik van "voorkomfregkwensie" as een van die kriteria om groepspeesifieke merkers te bepaal, is nie onproblematis nie. Vir die doeleindes van hierdie studie verwys *voorkomfregkwensie* slegs na die aantal kere wat 'n bepaalde leksikale item byvoorbeeld voorkom in *Son*, terwyl dit 'n beperkte voorkoms het in *Sondag* (of totaal afwesig is). Die verspreiding van die leksikale item is nie in berekening gebring by die fregkwensie-ontledings nie. Dit wil sê, die volgende faktore is nie in berekening gebring nie: of die item deur verskillende outeurs gebruik is, of dit slegs beperk is tot die sitaatgedeeltes van die berig, en of dit in beide die berig- en sitaatgedeelte van die berig voorkom.

¹⁴ Om te bepaal watter leksikale items in *Sondag* as groepspeesifieke merkers beskou kan word, is die spreektaalitems in *Sondag* vergelyk met die spreektaalitems in die aanlyn *Son*-uitgawes wat gedurende die tydperk 2013 tot Februarie 2016 verskyn het. Dit is gedoen by wyse van die aanlyn soekfunksie wat vir *Son* beskikbaar is op die aanlyn nuusplatform *Newsbank* via die portaal *Access South Africa* (<http://infoweb.newsbank.com>). Hierdie vergelyking het aan die lig gebring dat verskeie leksikale items wat aanvanklik beskou is as potensiele groepspeesifieke merkers van die wit werkersklasspreker, ook 'n voorkomfregkwensie in *Son* gehad het, byvoorbeeld:

moemfie (vrou of vroulike geslagsdeel);blare (geld); musiek gooi (speel/getrakteer);
spyker (geslagsgemeenskap hê); knippie(geslagsgemeenskap hê); moewiese (moerse);
jassies (kondome); stukkie (meisie/kêrel)

Leksikale items wat in beide *Sondag* en *Son* aangetref is, is nie geïdentifiseer as tipiese merkers van die wit werkersklas nie. (Ongelukkig was *Sondag* ten tye van hierdie ondersoek nie meer aanlyn beskikbaar om 'n soortgelyke vergelyking te kon doen vir die leksikale items wat as groepspeesifieke merkers geïdentifiseer is in *Son* nie.)

¹⁵ Die lesersbriewe wat ontleed is in *Sondag*, behels die periode 10 September 2012 tot 23 September 2013, waartoe toegang verkry kon word op *Sondag* se webtuiste (www.sondag.co.za), voordat die webblad ongelukkig verwyder is ná die sluiting van die koerant. Vir *Sondag* is die aanlyn kommentaar wat gevolg het op die aanlyn berig deur Bruwer (2013) oor die sluiting van *Sondag* op 20 Oktober 2013, ook in berekening gebring by die ontleding.